

Koringfokus

VOL 37.5

SEPTEMBER • OCTOBER 2019

Wheat focus

Overberg woel
vir Nampo Kaap

Wheat stripe mosaic virus in SA

SPUITPUNTE MOET TEIKEN KAN TREF

AGRICO

Advanced paneel
GRATIS!
met
internetbeheer.*

AGRICO



Bestel 'n nuwe **Agrico spilpunt**
met 'n **Premium** paneel en kry 'n opgradering.

***Gratis** subskripsie ingesluit vir die eerste 12 maande.



Kontakbesonderhede: Alfred Andrag | c: 082 824 1214
t: 021 950 4111 | f: 021 950 4208 | alfred.andrag@agrigo.co.za

Meer as 100 jaar diens

Verkope en diens met takke regoor Suidelike Afrika:

Aliwal-Noord | Bellville | Bethlehem | Bloemfontein | Caledon | Ceres | Christiana | Cradock | Estcourt | George | Hartswater | Humansdorp | Kakamas | Kimberley | Kroonstad
Lichtenburg | Lusaka | Mukushi | Nelspruit | Nigel | Nylstroom | Pietermaritzburg | Piketberg | Rawsonville | Tzaneen | Upington | Vredendal | Wellington



VOORBLADFOTO:

Die Overberg sit sy beste voetjie voor vir die tweede aanbieding van Nampo Kaap op Bredasdorp Park in September. Gunstige weerstoestande het 'n aanskoulike beeld van landbougewasse soos koring en kanola voorspel.

Koringfokus

Wheat focus

VOL 37.5

SEPTEMBER • OKTOBER 2019

REEDS 37 JAAR DIE ONAFHANKLIKE SPESIALIS-TYDSKRIF VIR DIE KLEINGRAANBEDRYF

THE INDEPENDENT SPECIALIST MAGAZINE FOR THE SMALL GRAIN INDUSTRY FOR THE PAST 37 YEARS

Koringfokus / Wheat Focus

verskyn ses keer per jaar en word in samewerking met die koringbedryf saamgestel, wat insluit: LNR-Kleingraan; SA Graaninligtingsdiens; SA Graanlaboratorium; die Wintergraantrust; SA Agentskap vir Kultivar- en Tegnologie-ontwikkeling; Grain Farmer Development Association
Gratis beskikbaar aan bona fide-kleingraanprodusente



MEDIACOM

Uitgewer en eienaar

Adres vir redaksionele kopie, advertensies en intekenare:
Mediakom
Posbus 20250
Noordbrug
2552

Tel: 018 293 0622
E-pos: info@mediakom.co.za
www.mediakomcc.co.za

REDAKTEUR: Willie Louw

ADVERTENSIES: Jana Greenall
011 476 3702

UITLEG: Roelien van der Westhuizen
072 930 6721

KOPIEREG EN STANDPUNTE

© Kopiereg / Copyright: Ingevolge Artikel 12(7) van die Wet op Outeursreg Nr 98 van 1978 en enige wysigings word alle regte voorbehou. Standpunte en aansprake in advertensies en artikels word nie noodwendig deur Mediakom Bk en enige medewerkers / deelnemende instansies onderskryf nie. Die uitgewer behou die reg om taalversorging te doen aan bydraes wat vir publikasie ingedien word.

AGRI-INFO

- 4 Wes-Kaapse boere gevra om by sakekamers in te skakel
- 6 SAGIS verskaf akkurate inligting oor graan en oliesade
- 6 SAGIS se bestuur en beheer
- 7 Droogte druk oeste wêreldwyd
- 7 BFAP se vooruitskouing vir landbou
- 12 Bakers feel the price pressure; wheat vulnerable to global issues
- 13 Bakers investigate extended training
- 13 Bakers honour Kathy Surmon
- 20 Die doeltreffende toediening van gewasbeskermingsprodukte
- 22 Boerderygemeenskap se veiligheid is 'n prioriteit
- 24 Stimuleer mikrobies in grond en wen met gesonde plante se opbrengs
- 25 Raak deel van die oplossings - VL Landbou
- 26 Van gars tot bier... 'n sensitiewe en akkurate proses
- 30 Vyf geldige redes om 'n oes by Santam te verseker

KLEINGRAAN

- 9 First report of wheat stripe mosaic virus in SA

MARKET-INFO

- 5 Oesskatting dui op méér koring
- 28 SAGIS: Koring, gars, hawer en kanola se marksituasie
- 29 Sóveel produkte uit koring vervaardig

NAMPO KAAP

- 14 Die Overberg woel vir Nampo Kaap 2019
- 16 Algemene sake: Nampo Kaap 4 - 6 September 2019
- 18 Lubricants that protect tractors and equipment
- 19 Sensako vertoon sy prestasiekultivars by Nampo Kaap



Chamber of Baking AGM

12



Kinderpret by Nampo Kaap

14



Gars se oes in die bottel

26

Wes-Kaapse boere gevra om by sakekamers in te skakel

Jan Greyling

MEDEWERKER

AGRI WES-KAAP SE voorsitter, Cornie Swart, het Wes-Kaapse landboueiers en boere gevra om as sakeleiers in hul eie reg, hul gewig by die sakekamers van AHi Wes-Kaap in te gooi.

Swart sê landbou is die ruggraat van die ekonomie. "Ons is die grootste werkgewer. Wat met die landbou gebeur, het direk te doen met die voorspoed van elke dorp. Betrokkenheid van elke boer en besigheidseienaar is die sleutel, daarom moet ons nou hande vat. Ons moet kyk hoe ons kan saamwerk met elke munisipaliteit, die provinsie, sakeleiers en die gemeenskappe."

Hy moedig lede van boereverenigings aan om, aanvullend tot lidmaatskap van boereverenigings, ook lede van die AHi Wes-Kaap se sakekamers op hul naaste dorpe te word. Swart was 'n spreker tydens 'n AHi-werksessie van die Tuinroete, Karoo en Hessequa op Stilbaai.

In sy reaksie op die oproep deur landbou sê die landbou-sakekamer Agbiz se bestuurshoof, dr John Purchase, dat die rol van sakekamers in beginsel belangriker word wanneer die regering op plaaslike vlak minder doeltreffend word.

Die ekonoom, Mike Schüssler, sê Suid-Afrika het die landbou en sake nou meer as ooit nodig. "Ons is tans in so lae groeiklimaat dat ons alle moontlikhede in die stryd teen rompslomp en swak regering moet ondersoek indien ons enigsens as 'n demokrasie wil slaag. Sake kan net versterk word deur landbou, en boere kan sekerlik ook baat by samewerking met sakekamers."

Verbind tot samewerking

Volgens dr Willie Cilliers, voorsitter van AHi Wes-Kaap, is nouer skakeling met die landbou en landbouverenigings in alle dorpe in die provinsie noodsaaklik. "Ons het van die hoofspreek, Japie Gouws, gehoor dat landbou die grootste ekonomie in die Wes-Kaap is. AHi Wes-Kaap gaan seker maak dat ons hierby betrokke is en bly.

"Ons almal beweeg in silo's, maar ons vraagstukke is eintlik dieselfde", sê Cilliers. "Dit gaan oor ekonomiese groei. Hoe skep ons werk? Wanneer dit swaar gaan op plase kom plaaswerkers dorp toe en word deel van die potensiële werklose plakkersgemeenskap. Ons moet dit beveg deur kragte met landbou saam te span en mense met sakevaardighede toe te rus."

Swart sê elke boerdery is inderwaardheid net 'n sakeonderneming buite die dorp. "Ons het nie meer afdelingsrade nie. Ons is nou in alle opsigte een munisipaliteit. Dit wat op die plaas gebeur, raak die dorp se ekonomie direk. Geen munisipaliteit of dorpsonderneming kan sonder inkomste van plase af oorleef nie."

Hy voeg by dat daar tussen landbouers en sakelui gepraat moet word oor munisipale aksies en veiligheid. "Buurtwagte



Cornie Swart, voorsitter van Agri Wes-Kaap, gesels met sakeleiers van die Tuinroete, Karoo en Hessequa tydens die AHi Wes-Kaap se werksessie op Stilbaai.

in dorpe en plaaswagte kan nie net vir die polisie die skuld gee vir die hantering van toenemende aanslae op plaasveiligheid nie. Hulle moet weet dat die boere en sakeondernemings saamstaan en met goeie inligting en ondersteuning kan en wil help."

Meer aandag van plaaslike owerhede

Volgens dr Purchase is samewerking op hierdie vlak noodsaaklik. "Agbiz is as landbousakeleiers by die 'Apex'-organisasie, Business Unity South Africa (BUSA), geaffilieer. Só skep ons 'n verenigde stem vir besigheid. Munisipale dienslewering, veiligheid en sekuriteit is besliste raakvlakke."

Hy noem dat 'n behoorlike waardeproposisie tussen die organisasies moet bestaan. "Dit kos sakekamers geld om te funksioneer en hul waardeproposisies suksesvol uit te voer. Gesamentlike lidmaatskap van landbouers by hul boereverenigings en naaste sakekamers sal net werk as die waarde wat hul bied duidelik is en gelewer word."

Schüssler sê boere en sakelui kan saam beter netwerke skep. "Ons besighede moet hul volle potensiaal bereik. Dit is belangrik dat hulle saam meer aandag van munisipaliteite sal kry."

Dr Cilliers het die AHi Wes-Kaap daartoe verbind om spoedig met Agri Wes-Kaap om 'n tafel te sit. Die AHi Wes-Kaap onderneem om toepaslike inligting aan Agri Wes-Kaap se geaffilieerde organisasies te gee en in ruil ook direkte toegang tot die boereverenigings van Agri Wes-Kaap te kry.

"Ons gaan die koppeling bewerkstellig en verseker dat ons sakekamers en boerderybesighede wedersyds waarde ontsluit." ♡

Oesskatting dui op méér koring

AFGELEI UIT DIE NASIONALE Oesskatting-komitee (NOK) se voorlopige oppervlakteskatting van wintergewasse vir die 2019-produksieseisoen gaan bykans 7% meer koring geplant word en 1,26% meer moutgars. Kanola-aanplantings kan egter met 3,90% verminder. Dié plantvoornemens is op 25 Julie 2019 bekend gemaak.

Die grootste toename word uit die Vrystaat verwag. Dáár is die voorneme om 25 000 ha by die vorige seisoen se 100 000 ha te voeg. Groter aanplantings word ook in die Wes-Kaap (6 000 ha) en in Limpopo (3 000 ha) verwag.

Die NOK se voorlopige oppervlakteskatting is onder meer gebaseer op die resultate van 'n nie-ewekansige opname van die direktoraat: statistiek en ekonomiese analise en dit weerspieël die situasie teen die middel van Julie 2019.

Die voorlopige skatting van die oppervlakte onder koring beloop 536 950 ha, wat 6,68% of 33 600 ha meer is as die 503 350 ha wat verlede seisoen geplant is.

Vir die Vrystaat is die aanplantings 125 000 ha, wat 25 000 ha meer is as die 100 000 ha wat verlede seisoen geplant is. In die Wes-Kaap is die beraamde oppervlakte 324 000 ha, wat 6 000 ha meer is as verlede seisoen se 318 000 ha.

Limpopo se verwagte aanplantings beloop 23 000 ha – dit is 3 000 meer hektare.

Die oppervlakte beplant in die Noord-Kaap is 36 000 ha, wat 2 000 ha minder is as in die vorige seisoen.

Ander gewasse

Die voorlopige oppervlakteskatting vir moutgars is 120 500 ha, wat 1,26% of 1 500 ha meer is as verlede seisoen se 119 000 ha. Die oppervlakte onder kanola is 74 000 ha, wat 3,90% of 3 000 ha minder is as die 77 000 ha wat verlede seisoen geplant is.

Na aanleiding van 'n versoek van die bedryf het die NOK besluit om hawer (ontbytgraan) in toekomstige oesskatting te sluit. Die voorlopige oppervlakteskatting vir hawer vir die 2019-seisoen is 22 000 ha.

Die hersiene oppervlakte beplant en eerste produksieskatting vir wintergewasse vir 2019 word op 27 Augustus 2019 vrygestel.

Inligting van die Produsente- Onafhanklike Oesskattingstelsel (PICES), wat die Nasionale Oesskattingkonsortium onderneem het, word vir die Wes-Kaap in Augustus 2019 gerapporteer en vir die Vrystaat in September 2019.


Inligting is op die internet beskikbaar by www.sagis.org.za of by die departement van landbou se webtuiste: <http://www.daff.gov.za/links/crop-estimates>.

Tabel 1: Wintergewasse – voorlopige oppervlakteskatting, 2019-produksieseisoen.


Gewas	Oppv 2019 Ha (A)	Oppv 2018 Ha (C)	Opv 2018 vs 2019 Ha	Verandering % (A)÷(C)	Fin oes 2018 Ton
Kommersieel:					
Koring	536 950	503 350	+33 600	+6,68	1 868 000
Moutgars	120 500	119 000	+1 500	+1,26	421 500
Kanola	74 000	77 000	-3 000	-3,90	104 500
Hawermout	22 000	19 235	+2 765	+14,37	32 700

Tabel 2: Koring – voorlopige oppervlakteskatting, 2019.


Provinsie	Oppv beplant Ha 2019	Oppv beplant Ha 2018	Finale oes Ton 2018	Oppv verskil 2018 vs 2019 (Ha)
Wes-Kaap	324 000	318 000	890 500	+6 000
Noord-Kaap	36 000	38 000	294 500	-2 000
Vrystaat	125 000	100 000	385 000	+25 000
Oos-Kaap	3 500	1 650	10 730	+1 850
KwaZulu-Natal	7 500	7 000	43 400	+500
Mpumalanga	3 450	3 500	22 740	-50
Limpopo	23 000	20 000	128 000	+3 000
Gauteng	1 000	1 200	7 800	-200
Noordwes	13 500	14 000	85 330	-500
Totaal	536 950	503 350	1 868 000	+33 600



Figuur 1: Voorlopige oppervlakteskatting van koring vir die 2019-produksieseisoen. Bron: NOK.



Figuur 2: Voorlopige oppervlakteskatting van kanola vir die 2019-produksieseisoen. Bron: NOK.



Figuur 3: Voorlopige oppervlakteskatting van moutgars vir die 2019-produksieseisoen. Bron: NOK.

SAGIS bereken, kontroleer en verskaf akkurate inligting oor graan en oliesade

Hoogtepunte uit die SA Graaninligtingsdiens se voorsittersverslag van 2018/19:

- 626 geregistreerde medewerkers lewer maandeliks 1 218 verslae
- Inspekteurs het 6,6 miljoen ton graan en oliesade fisies gekontroleer en 857 persele besoek
- Die koste van SAGIS se inligting aan die graan- en oliesadebedryf het R0,73/ton beloop
- 'n Maand nadat 'n wetlike regulasie oor die voorsiening van invoer- en uitvoerdata in werking getree het, kon SAGIS sy verslae publiseer

INSPEKTEURS VAN DIE Suid-Afrikaanse Graaninligtingsdiens (SAGIS) het in die afgelope finansiële jaar 857 persele van medewerkers besoek en 6,6 miljoen ton graan en oliesade fisies gekontroleer. Wanneer SAGIS se uitgawes met lewerings van graan en oliesade vergelyk word, beloop die inligtingsdiens vir die bedryf R0,73/ton.

Hierdie inligting is tydens SAGIS se jaarvergadering in Julie 2019 deur die voorsitter, Marianna Purnell, verskaf. Die organisasie se doeltreffendheid en reaksietyd word weerspieël deur die verskaffing van weeklikse in- en uitvoerinligting van mielies slegs 'n maand nadat dié statutêre maatreeël ingestel is.

SAGIS is 'n maatskappy sonder winsbejag wat in die afgelope finansiële jaar 'n ongekwalifiseerde ouditeursverslag ontvang het. Soos in die vorige finansiële jaar het die maatskappy 'n besparing op sy begroting gehad.

Die maatskappy word deur vier trusts befonds, naamlik die Mielietrust, Olie- en Proteïensade Ontwikkelingstrust, die Wintergraantrust en die Sorghumtrust. Die Mielietrust lewer die grootste bydrae van 66% tot SAGIS se inkomste.

Vir die samestelling van maandelikse verslae oor graan en oliesade het SAGIS 626 geregistreerde medewerkers wat maandeliks 1 218 verslae indien. Die meerderheid van hierdie medewerkers – 79% – is verwerkers, gevolg deur 12%

handelaars, 6% opbergers en 3% eienaars van hawesilo's.

Die goeie samewerking van medewerkers met die verpligte indiening van verslae word weerspieël deur die 100% terugsendingskoers. 73% se verslae word op of voor die sperdatum ingedien. Dit was nie vir SAGIS nodig om enige regstappe teen medewerkers te neem nie.

In die afgelope finansiële jaar is 18,6 miljoen ton graan en oliesade in Suid-Afrika gelewer. Dit is 4,1 miljoen ton minder as in die vorige jaar, wat 'n bogemiddelde produksiejaar was. Die hoeveelheid ingevoerde graan en oliesade het verminder maar 'n klein hoeveelheid meer is uitgevoer.

Wat die vervaardiging van landbouprodukte uit graan en oliesade betref, was mielieprodukte weer die meeste. Altesaam 5,5 miljoen ton wit- en geelmielieprodukte is vir menslike verbruik vervaardig. Uit koring is 3,3 miljoen ton produkte vervaardig en 2,1 miljoen ton oliesadeprodukte. Uit die wintergraan is 2,3 miljard pangebakte brode geproduseer.

SAGIS se inspekteurs besoek medewerkers om die akkuraatheid en volledigheid van gegewens te kontroleer. Waar nodig verskaf die inspekteurs ook opleiding. Besoeke word ook afgelê om medewerkers wat by SAGIS behoort te registreer, op te spoor. ♡

SAGIS se bestuur en beheer

DIE SA GRAANINLIGTINGSDIENS het 24 voltydse werknemers aan die einde van die 2018/19 finansiële jaar gehad. Hulle is onder leiding van Nico Hawkins as hoofbestuurder, bygestaan deur Bernard Schultz as hoof van inligting, Martie Thomas as hoof van korporatiewe sake en Chris Herbst as hoof van inspeksies.

Die vier graantrusts wat SAGIS befonds, benoem lede van die direksie. Tydens die afgelope jaarvergadering is dr John Purchase tot voorsitter verkies en Marianna Purnell as ondervoorsitter.

Uit die Mielietrust is die direkteure Zuvuyo Ngejane en dr John Purchase.

Die Olie- en Proteïensade Ontwikkelingstrust se direkteure is De Wet Boshoff en dr Erhard Briedenhann. Die Wintergraantrust se direkteure is Tato Make en Marianna Purnell. Die Sorghumtrust se direkteure is Happy Mohane en Anton Nebe.

Die uitredende voorsitter, Marianna Purnell, het tydens die jaarvergadering die vier trusts se administrateurs bedank vir hulle dienste aan die graan- en oliesadebedryf, wat ook bydraes tot SAGIS se werksaamhede lewer. Die administrateurs is Leon du Plessis, Gerhard Keun en Ishmael Tshiamo. ♡



Dr John Purchase

Droogte druk oeste wêreldwyd

WÊRELDWYD ERVAAR LANDE uitdagings met die kwaliteit en kwantiteit van graan en nog meer sô met die beskikbaarheid van inligting oor hulle oeste, sê Marianna Purnell, uittredende voorsitter van die Suid-Afrikaanse Graaninligtingsdiens (SAGIS) in haar 2018/19-voorsittersverslag.

Suid-Afrika se graanwaardeketting is bevoorreg om 'n organisasie soos SAGIS te hê wat sy vinger op die pols het en aan elke rolspeler die jongste bedryfsinligting verskaf.

Dit is volgens me Purnell veral droogtes wat oeste in Suider-Afrika benadeel. Benewens die druk op mielievoorrade in hierdie streek, kan Zimbabwe net 'n derde van sy koring-behoefte produseer.

Die probleme is egter nie tot Suider-Afrika beperk nie. Me Purnell het verwys na die droogte in Australië waar koring die eerste keer in twaalf jaar ingevoer moet word nadat die kleinste oes in 'n dekade gelewer is. Ook in Rusland het droogtes veroorsaak dat dié land sy posisie as die wêreld se grootste graanuitvoerder kan verloor. Indië se probleem is 'n rekordoes en beperkte opbergingsfasiliteite wat hulle oeste laat verrot. ♡



Marianna Purnell

Buro vir Voedsel- en Landboubeleid

Vooruitskouing van landboustoestande 2019 tot 2028

DIE BURO VIR VOEDSEL- en Landboubeleid wat in 2004 as 'n nuwingsgewende organisasie tot stand gekom het, se basisverslag vir die dekade van 2019 tot 2028 bevat 'n vooruitskouing van Suid-Afrikaanse landbouproduksie, pryse en handel. Die samestellers sê die verslag kan as een van verskeie hulpmiddels vir besluitneming benut word. Die verslag dien as 'n basisriglyn van moontlike gebeure en nie as 'n voorspelling nie.

Die inligting in die verslag word gebaseer op aannames van verskeie ekonomiese, tegnologiese, omgewings-, politiese,

institusionele en maatskaplike faktore. Een van die BFAP se belangrikse aannames is dat normale weerstoestande in Suider-Afrika en elders ter wêreld sal heers. Aannames van makro-ekonomiese toestande en vir internasionale kommoditeitsmarkte word op 'n kombinasie van projeksies gebaseer. Daaruit het die BFAP 'n stelselmodel vir hulle vooruitskouing ontwikkel.

Die verslag word deur kundige werknemers en medewerkers in die openbare, private en tersiêre sektor saamgestel, asook met behulp van internasionale organisasies. ♡

Buro vir Voedsel- en Landboubeleid

Só kan groei in landbou uitstyg

Planne is daar reeds genoeg, nou is implementering nodig

INDIEN SUID-AFRIKA SE potensiaal met natuurlike hulpbronne en mense ontsluit kan word, kan beter groei as die gemiddelde behaal word, sê kundiges van die Buro vir Voedsel- en Landboubeleid (BFAP). Nog méér planne, ongekoördineerde pogings en emosionele werwing sal nie voldoende wees om groei te bewerkstellig nie. Groter klem moet nou op implementering geplaas word.

Die landbousektor kan volgens die BFAP se jongste verslag slegs beter as die verwagte basislyn groei met spesifieke aksies en planne deur vasberade en goedgekoördineerde pogings.

Dit moet egter uitgevoer word deur die toegewyde en gekombineerde werk van opregte mense en werklike kapitaal uit die openbare en private sektor om inklusiewe landboutransformasie en die oordrag van grond op 'n regverdige en volhoubare wyse moontlik te maak. Daar is geen tekort aan planne nie en Suid-Afrika het die voordeel om uit die foute van die verlede te leer.

Stygende internasionale pryse weens die VSA se weerstoe-

stande en varkgriep in China, kan volgens die BFAP se verwagtinge die herstel van landbou se bruto binnelandse produk (BBP) oor die kort termyn in Suid-Afrika ondersteun. Die weerstoestande en varkgriep is egter net tydelik en kan ná 2020 verval sodat plaaslike landbou se BBP weer stagneer.

'n Volgehoue verbetering in groei word egter van 2023 af verwag wanneer ekonomiese groei koerse verbeter en produksievlakke van die lewendehawebedryf herstel.

Na verskeie jare van groei in Suid-Afrikaanse landbou het die tydperk ná 2015 'n toets vir die werklikheid ingelui. Internasionale kommoditeitspryse het laag gebly, verbruikers se besteebare inkomste was onder druk en landbousektore het skokke beleef, soos Oosterse voëlgriep, listeriose, bek- en klouseer en ernstige droogte in sommige streke.

Die BFAP verwag in sy vooruitskouing vir die dekade van 2019 tot 2018 dat hierdie situasie nie gaan verander nie. Terselfdertyd beklemtoon die situasie die belangrikheid van 'n gunstige beleggingsomgewing en daarom die kritiese

Só kan groei in landbou uitstyg

◀◀◀ VAN BLADSY 7

belangrikheid van 'n geslaagde grondhervormingsprogram.

Suid-Afrikaanse landbou word deur vele faktore van buite beïnvloed. Volgens die BFAP is die twee belangrikste faktore huishoudelike makro-ekonomiese toestande en internasionale markte se dinamika. Oor die kort termyn veroorsaak altwee hierdie faktore beduidende onsekerheid.

Die internasionale omgewing waarin landbou funksioneer het in onlangse jare verander. Slegs 'n dekade gelede nog is verwag dat handelsbeperkings gaan verminder, maar intussen het Brexit en die handelsoorlog tussen die VSA en China die

internasionale handelsvloei beïnvloed.

Boonop het Europa se wetgewing vir omgewingsbeskerming, asook sanitêre en fitosanitêre regulasies, strenger geword. In Afrika word handel steeds beïnvloed deur beskerming, hoë transaksiekoste en die willekeurige toepassing van beleid.

Met hierdie internasionale werklikhede gaan die vinnige reaksie van regerings en noue samewerking met die private sektor in die toekoms nog groter deurslaggewende faktore in suksesvolle internasionale handel wees. ♡

Buro vir Voedsel- en Landboubeleid

Droogtes bring ander vooruitsigte in landbou

SAAM MET ANDER faktore speel weerstoestande 'n rol in Suid-Afrika se heersende korttermynvooruitsigte, sê die Buro vir Voedsel- en Landboubeleid (BFAP) in sy jongste vooruitskouingsverslag vir 2019 tot 2028.

Vir die derde keer in vier jaar was 'n vroeë somerdroogte in 2019 kommerwekkend vir aanplantings van somergewasse. Toe dit uiteindelik begin reën het produsente met uitsonderlike plantvermoëns daarin geslaag om 94% van die beplande mieliehektare te plant.

Hierdie vinnige reaksie het voorkom dat Suid-Afrika na invoerpariteitspryse beweeg het. Die toenemende voorkoms van sulke voorvalle soos die droogtes veroorsaak volgens die BFAP kommer oor die finansiële volhoubaarheid van baie produsente.

Hoewel mielies die grootste somergewas is, het die droogtes van 2013, 2015, 2016 en in sekere streke in 2019 produsente in Noordwes en dele van die Vrystaat voor groot uitdagings te staan gebring. Finansiële beperkings en oordragkuld neem toe en baie produsente oorweeg alternatiewe bronne.

Baie produsente het weens hierdie toestande hulle weer na katoenverbouing gewend, wat 'n herlewing in die bedryf veroorsaak het. Met katoen het hoër pryse die winsgewendheid daarvan ondersteun.

'n Ander alternatief was sojaboonverbouing waarvan die opervlakte in die afgelope dekade vinnig en bestendig toegeneem het, en 'n verskuiwing na voerproduksie en intensiewe

voerstelsels in wisselwerking met kontantgewasse.

Gewasse wat vir voer benut kan word, soos weidings en sojabone, gaan na verwagting steeds meer benut word as voedselgewasse, soos witmielies. Terselfdertyd kan die per kapita verbruik van witmielies steeds afneem. Die BFAP voorsien egter dat mielies steeds in 'n surplussituasie sal wees en dat dit uitgevoer gaan word, hoewel in kleiner hoeveelhede.

Suid-Afrika se uitbreiding van sojaboonproduksie is volgens die BFAP een van landbou se suksesverhale in die afgelope dekade. Saam met beleggings in die verwerkingsvermoë kon Suid-Afrika 'n groot deel van ingevoerde proteïenmeel met sy eie verwerking en produksie vervang.

In die veebedryf het faktore soos hoër voerpryse weens droogte en bek- en klouseer die produsente se winsgrense beperk. Vir die verbruiker het dit die voordeel van 'n skerp daling in pryse meegebring.

Weens die verwagte swak ekonomiese toestande in die volgende dekade voorsien die BFAP se ontleders dat vleisverbruik onder verbruikers gaan verlangsaam en dat hoendervleis steeds as die bekostigbaarste moontlikheid benut gaan word.

Die BFAP se ontledings in die lewendehawebedryf en wolproduksie toon dat die uitbraak van bek- en klouseer in 2019 'n groot beperking veroorsaak het. Indien Suid-Afrika egter sy vrye status daarvan kan herwin, kan produksie en uitvoer in die volgende dekade weer toeneem. ♡

Buro vir Voedsel- en Landboubeleid

Vrugtebedryf steeds suksesvol in internasionale arena

DIE TOENAME IN landbou-uitvoer in die afgelope dekade is deur tuinbougewasse ondersteun, soos sitrus, tafeldruwe en die appelbedryf. Dié bedrywe het volgens die Buro vir Voedsel- en Landboubeleid (BAFP) se vooruitskouingsverslag daarin geslaag om 'n toenemende marktaandeel van internasionale handel te bekom.

Die bedrywe is soos ander landbougewasse in Suid-Afrika baie afhanklik van besproeiing en is deur uiterste weers-toestande benadeel. Dit het egter tot vindingryke oplossings in doeltreffende watergebruik gelei en baie produsente behoort volgens die BFAP se kundiges in die toekoms die voordeel van

hulle planne en praktyke te geniet.

Hoewel verskeie vrugtebedrywe 'n toonbeeld van sukses en mededingendheid in die afgelope dekade was, gaan volgehoue markuitbreiding in die toekoms vir hulle krities wees wanneer bykomende produkte in die volgende jare tot die mark toetree.

Die BFAP se span haal Suid-Afrika se wynbedryf aan as 'n voorbeeld van verhoogde uitvoerverdienste in 2018. Te midde van kleiner volumes in toestande van beperkte en gekonsolideerde voorsiening, het die wynbedryf sukses behaal deur op produkte en markte met hoër waarde te fokus. ♡

First report of wheat stripe mosaic virus in SA

Drs Tarekegn Terefe & Goddy Prinsloo ARC-SMALL GRAIN
 Ms Ronel Roberts & Dr Wilhelm Botha ARC-PLANT HEALTH AND PROTECTION
 Drs David Read & Genevieve Thompson ARC-BIOTECHNOLOGY PLATFORM
 Ms Aphiwe Kozana & Dr Botma Visser UNIVERSITY OF THE FREE STATE

The presence of an unknown disease in primarily irrigation wheat growing areas caused an investigation which resulted in the identification of *wheat stripe mosaic virus* (WhSMV). To the researchers' knowledge, this is the first report of WhSMV in South Africa and the second report in the world. All samples which tested positive for WhSMV were also positive for the fungus-like microbe *Polymyxa graminis*. The clear association suggests that WhSMV is most probably transmitted by *P. graminis*. Information on the epidemiology and control of the disease is not yet available.

DURING THE PAST FEW years, an unknown disease which results in the yellowing of wheat leaves has frequently been observed in the irrigation wheat growing areas of KwaZulu-Natal (KZN). Since the initial detections in KZN and the Northern Cape, similar symptoms have also been noted in other wheat growing provinces of South Africa (SA).

The observed yellowing symptoms suggested a viral infection but were not consistent with previously reported wheat viruses in SA such as *Barley yellow dwarf virus*, *Maize streak virus* and *Brome mosaic virus*. This was confirmed by ELISA assays, which tested negative for these viruses.

The distribution of symptomatic plants and appearance of symptoms at early growth stages suggested that this disease

was likely caused by a soil-borne virus/es which may be transmitted by soil inhabiting microorganisms, such as the fungus-like microbe *Polymyxa graminis*.

Farmers expressed their concern regarding the disease, with one of the farmers' associations in Winterton formally requesting ARC-Small Grain (ARC-SG) to investigate the cause. Subsequently, a one-year project aimed at identifying the specific cause/s of the disease was initiated by ARC-SG in collaboration with researchers from the ARC-Biotechnology Platform, ARC-Plant Health and Protection (ARC-PHP) and University of the Free State (UFS). The project was conducted during the 2018 season with financial support from the Winter Cereal Trust.



Photo 1: Symptoms of *Wheat stripe mosaic virus* on leaves of wheat plants collected in 2018 from Bergville and Winterton in KwaZulu-Natal. Left to right: Sample Berg 1.1, Berg 1.3 and Wint 1.1.

TO PAGE 10 >>>

First report of wheat stripe mosaic virus in SA

◀◀◀ FROM PAGE 9

Table 1. Occurrence of *Polymyxa graminis* in roots and *Wheat stripe mosaic virus* (WhSMV) in leaves of symptomatic wheat plants collected in 2018 from different localities.

Samples	Locality	Province	Source	Detection of <i>Polymyxa graminis</i> *		Detection of WhSMV*	
				Microscopy	PCR	NGS	RT-PCR
Berg 418	Bergville	KZN	Farmer's field	+	+	+	+
Berg 118	Bergville	KZN	Farmer's field	+	+	+	+
Berg 318	Bergville	KZN	Farmer's field	+	+	+	+
Wint 118	Winterton	KZN	Farmer's field	+	+	+	+
Wint 218	Winterton	KZN	Farmer's field	+	+	+	+
Wint 1.2	Winterton	KZN	Farmer's field	+	+	+	+
Wint 1.6	Winterton	KZN	Rust nursery	+	+	+	+
Wint 1.3	Winterton	KZN	Farmer's field	+	+	+	+
Wint 3.2	Winterton	KZN	Farmer's field	+	+	+	+
Berg 1.3	Bergville	KZN	Farmer's field	+	+	+	+
Wint 1.1	Winterton	KZN	Farmer's field	+	+	+	+
Wint 1.5	Winterton	KZN	Farmer's field	+	+	+	+
Wint 1.4	Winterton	KZN	Farmer's field	+	+	+	+
Berg 2.1	Bergville	KZN	Rust nursery	+	+	+	+
Wint 3.1	Winterton	KZN	Farmer's field	+	+	+	+
Wint 2.1	Winterton	KZN	Farmer's field	+	+	+	+
Wint 3.3	Winterton	KZN	Farmer's field	+	+	+	+
Berg 1.2	Bergville	KZN	Farmer's field	+	+	+	+
Berg 1.1	Bergville	KZN	Farmer's field	+	+	+	+
Berg 3.2	Bergville	KZN	Experiment plot	+	+	+	+
Berg 3.1	Bergville	KZN	Experiment plot	+	+	+	+
Berg 5.1	Bergville	KZN	Farmer's field	-	-	+	+

* + = detected; - = not detected; KZN = KwaZulu-Natal province

During 2018, about 52 wheat plants exhibiting various degrees of yellowing (**Photo 1**) were collected from farmers' fields and/or experimental plots in KZN, Eastern Cape, Northern Cape and North West. The diseased plants exhibited mosaics of green and yellow areas on their leaves, were mostly shorter than normal and occurred in localised patches. In some infected plants, the chlorotic stripes became prominent and turned whole leaves yellow. Symptoms were observed at tillering as well as on upper leaves at a later growth stage.

The disease was however not detected in nearly 50 farmers' fields or experimental plots in the Western Cape and eight localities visited in the Free State. In surveys conducted prior to 2018, typical symptoms of the disease were observed at Brits, Derby, Scandinavia Drift and Lichtenburg (North-West), Harrismith and Welkom (Free State), Koedoeskop (Limpopo) and Douglas (Northern Cape).

While the roots of symptomatic wheat plants were tested for *P. graminis* using light microscopy as well as DNA-based technologies, including polymerase chain reaction (PCR) and Sanger sequence analysis, the leaves were tested for the presence of viruses using Next generation sequencing (NGS) technology, with the results being confirmed with reverse transcription (RT) PCR.

Due to a lack of material, the roots of only 33 of the 52 samples were microscopically tested for the presence of *P. graminis*, which was found in 31 (94%) samples. Twenty two of

the samples that were tested for the presence of *P. graminis* are shown in **Table 1**. *P. graminis* sporosori that are composed of closely packed individual thick-walled resting spores, were clearly visible in epidermal cells of wheat roots (**Photo 2**). Sporosori constitute one of the four phases in the lifecycle of *P. graminis*. It has been reported that viruses can survive for over 15 years in the resting spores of *P. graminis*, suggesting that this vector can play an important role in the epidemiology of the viruses it transmits.

P. graminis was detected with PCR in 37 of the 38 tested samples, with the one exception being Berg 5.1 that was collected in Bergville (**Table 1**). This sample was also negative for *P. graminis* based on microscopic tests. Combined, the microscopic and PCR results confirmed the presence of *P. graminis* in samples collected in 2018 from Bergville and Winterton (KZN), Hofmeyr, Cookhouse and Sisonke (Eastern Cape), Douglas and Hopetown (Northern Cape) and Vaalharts (North-West).


Previously, plant virus diagnostics relied on the use of PCR tests which are designed to target known viruses. The use of NGS technology allows the non-targeted detection of all viruses present in a sample. In the past decade, hundreds of novel viruses have been described using NGS in plant virology.

In this study, the use of NGS analysis resulted in the identification of *Wheat stripe mosaic virus* (WhSMV) in all 22 tested samples with characteristic symptoms of the disease. WhSMV

is a novel virus which was first described in 2018 on wheat in Brazil (Valente *et al.*, 2018). To the authors' knowledge, this is the first report of WhSMV in South Africa and the second report in the world. RT-PCR performed at ARC-PHP and UFS was used to confirm the presence of WhSMV in similar samples.

All 22 samples which tested positive for WhSMV were also positive for *P. graminis* except for one sample which was collected in Bergville and tested negative for *P. graminis*. Apparently, the *P. graminis* load in this sample was too low to allow its amplification, similar to WhSMV which was detected in sample Berg 5.1 at an extremely low titre. The clear association of *P. graminis* with plants infected with WhSMV suggests that WhSMV is most probably transmitted by *P. graminis*.

As WhSMV has been detected only in SA and Brazil, information on the epidemiology and control of this disease is not yet available. Nevertheless, exposure of wheat to the virus could potentially result in outbreaks and economic loss, threatening the wheat industry and South Africa's food security. It is therefore important to conduct further studies to generate information that could be used to control the disease. There is a need for studies to determine whether WhSMV is seed-borne or not, and to test other crops like barley, triticale, oats, maize



and sorghum, as well as grass weeds, for their susceptibility to WhSMV. These studies would provide useful information on the epidemiology of the virus. Furthermore, screening current commercial wheat cultivars for resistance against WhSMV will assist in identifying effective resistance sources and assessing whether or not WhSMV will pose a risk to local wheat production.

Conclusion

The main objective of the study was to identify the cause of a virus-type disease which has been primarily observed on irrigation wheat in SA. Wheat plants exhibiting various degrees of yellowing were observed in farmer's fields and/or experimental plots in KZN, Eastern Cape, Northern Cape and North-West provinces, but not in the Western Cape.

Analysis of selected samples using next generation sequencing technology and reverse transcription-polymerase chain reaction revealed WSMV in all the samples tested. In addition, the fungus *P. graminis*, which is known to transmit several soil-borne viruses of wheat, was detected in the roots of most of the samples tested. Therefore, we conclude that WhSMV is the main cause of the yellowing of wheat leaves which have been observed in SA over the past few years, and that this virus is most likely transmitted by *P. graminis*.

Further studies on seed transmission, host range and cultivar resistance against WhSMV would provide useful information on the epidemiology and control of the virus.

Reference

Valente, J.B., Pereira, F.S., Stempkowski, L.A., Farias, M., Kuhnem, P., Lau, D., Fajardo, T.V.M., Nhani Junior, A., Casa, R.T., Bogo, A. and Da Silva, F.N. 2019. A novel putative member of the family Benyviridae is associated with soilborne wheat mosaic disease in Brazil. *Journal of Plant Pathology*. 63: 588-600. ♣

Photo 2: Thick-walled resting *Polymyxa graminis* spores aggregated in sporosori in wheat root cells. The roots were obtained from wheat samples showing symptoms of *Wheat stripe mosaic virus* on their leaves.

2020 International year of plant health

Agbiz E-Newsletter

THE UNITED NATIONS General Assembly has proclaimed 2020 as the International Year of Plant Health. This is a unique opportunity to raise global awareness on how protecting plant health can help end hunger, reduce poverty, protect the environment and boost economic development, as well as to highlight the importance of international, regional and national plant health organisations.

In line with this decision by the United Nations Food and

Agriculture Organization, Plant Health will also be celebrated in South Africa. It will form the basis of the annual theme adopted by the National Science and Technology Forum (NSTF) for its 2020 SET and innovation awards, says Ms Mariana Purnell, general manager of Agbiz Grain and also an Exco member of NSTF. The 2020 initiative will hold numerous sponsorship and marketing opportunities for local role players in the protection of plant health in the agricultural industry. ♣

Bakers feel the price pressure; wheat vulnerable to global issues

Chamber of Baking AGM

THE INCREASE IN BREAD prices during the 12 months from April 2018 to April 2019 indicates that bakers could no longer sustain the low or no margins being made in 2018 when the price of bread was less than it was in 2017, says the Chairman of the South African Chamber of Baking, Colin Hardy.

Delivering his Presidential address during the Chamber's 81st annual general meeting, Mr Hardy reported that prices of 700 gram loaves only increased by 2,7% for white en 2,95% for brown bread over the 24-month period from April 2017 to April 2019. "It is clear that business conditions have deteriorated over the past 12 months."

He reminded the bakers and guests at the meeting that South Africa and the baking industry cannot isolate themselves from the global community. The baking industry plays in the far bigger food game and needs to manage its performance within the entire food industry.

"Aligned to the rules of the game are those factors over which we have absolutely no control, such as weather patterns, global wheat prices, exchange rates and rating agencies. Yet, these can all have an effect on the price of bread."

Illustrating how vulnerable the local wheat industry is to global events, Mr Hardy quoted South Africa's contribution to the global wheat crop. The global crop is predicted to increase by 6% this year to 777 million tons. This makes South Africa's current crop of 1,86 million tons just 0,24% of the global crop. Mr Hardy said this certainly makes the local wheat industry vulnerable to global events.

While the prospects for an increased crop in 2019 are good, South Africa still has to import 50% of its wheat requirements. With a volatile rand, this is according to Mr Hardy an expensive exercise. "It would be far better if we could buy good quality local grown wheat."

Referring to the wheat industry's revival strategy, Mr Hardy said the strategic issues are complex and require the inputs and consideration of all industry stakeholders.

"To make progress there are times where compromises are necessary and where the needs of producers, millers and bakers, and consumers are to be balanced. The Wheat Forum, of which the Chamber is a member, plays a key role in this process. We look forward to the day when the wheat industry will reach its target of producing 85% of South Africa's requirements."

He expressed the bakings industry's concern at the lack of progress by national treasury and the department of trade and industry (Dti) in shortening the time taken to gazette newly triggered wheat import tariffs, despite the beste efforts of the industry.

The baking industry awaits new labelling legislation and the finalisation of new fortificant regulations. Currently the SA

Medical Research Council is evaluating the new fortificants to be added to flour and by the end of the year will make new updated nutritional tables for flour and bread available. This project has been funded by the Winter Cereal Trust.

Mr Hardy said it would be valued by the baking industry if the finalisation and publication of the new fortification legislation could be timed to coincide with the final approval and release of the new nutritional tables. This will allow the industry to avoid incurring the excessive costs of printing new bags more than once.

"We again wish to express our appreciation to the department of health for their openness and willingness to engage with the baking industry on a number of fronts. Our thanks in particular to Maudé de Hoop and her colleagues who have at all times promoted a positive and open relationship between the milling and baking industry, and the department."

Reporting on progress of implementing assigned inspection services in the grain industry, Mr Hardy said the LEAF Inspection Services has not got of the ground during the past two years.

In the mean time, the department of agriculture, forestry and fisheries along with the Consumer Goods Council's Food Safety Institute have made significant progress in establishing a forum where parties can find each other and solve problems related to assigned inspection services.

Mr Hardy said when LEAF or its possible successor eventually becomes functional, it will join this important forum. Grain industry participants will benefit from the work of this body.

"In respect of the baking industry, it is to be noted that the only inspection by an assignee will be for dry solids. It is highly likely that bottlenecks will occur as there is insufficient capacity to carry out extensive dry solids testing. Although the test itself is fairly simple, the logistics of moving samples to laboratories can be complicated."

To obtain the support of the baking industry, Mr Hardy cautioned it will be crucial for the assigned inspection service to ensure that inspections are carried out equitably and efficiently across the entire baking industry.

Commenting on the future of SETAs and proposals regarding the merger of AGRI SETA with FoodBev SETA, Mr Hardy said neither the agriculture sector, nor the food and beverage industry support the proposal. Both have made strong representations to the National Skills Authority and to the minister to this effect. The uncertainty caused by this has brought about job insecurity, resulting in loss of skilled personnel at SETAs.

Changes in the Chamber's constitution included the creation of two additional membership categories, namely Emerging Bakers and Reciprocal Membership. In future the Chamber will have a Chairperson and Vice-Chairperson, and no longer a President and Vice-President. ♡

Bakers investigate extended training

Chamber of Baking AGM

THE SOUTH AFRICAN Chamber of Baking is investigating the possibility of extending its training offering. This may involve the appointment of a suitably qualified training "resource" who would ensure that the training programme gets accredited. Also to be considered would be the actual on-site training of learners at bakeries by this "resource".

At the Chamber's annual general meeting, the Chairman, Colin Hardy, invited members to give recommendations and feedback relating to need for the Chamber to expand its training offering.

"A key element to consider is funding. The envisaged expansion of the training function would need to be self-funding. Industry members are invited to contact the Chamber with their views and recommendations."

In its training programme, the Chamber offers certificates in the Basics and Theory of Breadmaking. On average 120 people employed in the industry write



Francois Mark Massey completed the course in the Basics of Breadmaking. With him is the SACB Chairman, Colin Hardy.

these examinations each year.

Two students who completed their course successfully were handed their certificates at the meeting. Francois



Marius Oosthuizen completed the course in the Theory of Breadmaking, with distinction. SACB Chairman Colin Hardy congratulated him.

Mark Massey completed the Basics of Breadmaking and Marius Oosthuizen completed the Theory of Breadmaking, with distinction. ♡

Bakers honour Kathy Surmon

Chamber of Baking AGM

THE SOUTH AFRICAN Chamber of Baking unanimously decided to award Kathy Surmon honorary life membership in recognition of her exceptional contribution to the baking industry.

Announcing this award, the Chamber's Chairman, Mr Colin Hardy, said Ms Surmon served on the Chamber's Technical, Training and Management Committees with distinction and always contributed positively to the work being done by these bodies. She was at all times willing to share her knowledge and expertise to the benefit of the greater industry.

Ms Surmon also served on industry related structures such as the Winter Cereal Trust Research Technical Committee and various SABS committees. She has been promoted by her employer, Kerry Ingredients, to head up their operations in the Philippines. ♡



Die Overberg woel vir Nampo Kaap 2019

DIE OORWELDIGENDE ONDERSTEUNING wat die eerste Nampo Kaap in 2018 gekry het lê die grondslag vir 2019 se gróót landbousaamtrek van 4 tot 6 September op Bredasdorp in die Overberg.

Vir die verwagte 17 000 besoekers, 200 buite-uitstallers en ongeveer 270 binne-uitstallers is talle terreinverbeterings en opgraderings op Bredasdorp Park aangebring. Met die hulp van Graan SA as vennoot het Bredasdorp Park as nie-winsgewende maatskappy reeds na afloop van verlede jaar se toestroming hulle geriewe begin uitbrei en inrig vir 2019.

Dit sluit groter parkeerterreine en meer toegangshekke, toiletgeriewe en verversingspunte vir kos en drinkgoed in. Vir die toenemende belangstelling deur uitstallers is keuring toegepas sodat daar 'n balans en verskeidenheid sal wees.

Die belangstelling en bywoning is nie net beperk tot die Overberg en Wes-Kaap se boerderygemeenskap en landbou-sake nie. Reeds met die eerste Nampo Kaap het besoekers uit die sentrale en noordelike provinsies op Bredasdorp toegesak om die uitstallings, demonstrasies, debatte en algemene interaksies te beleef.

Kleingraan, weiding, groot- en kleinvee is belangrike fokusse van landbou in die Wes-Kaap, maar die jeug in landbou, die suide se blommerk en alle soorte meganiese toerusting, tegnologie en navorsing wat daarmee verband hou is op Nampo Kaap se program.

Benewens aktuele gesprekke en debatte soos dié in Nasie in Gesprek, is praktiese werktuigdemostrasies en navorsingsproewe van graan trekpleisters vir produsente. Demonstrasiepersele van akkerbou- en dekgewasse, weidings en bewerkingspraktyke is op die perseel ingerig.

'n Vol en interessante veeprogram word daagliks in die Voermol-saal, verskeie veeringe en die hoof-arena aangebied. Vir die toekomstige landbouprodusente is daar vele geleenthede om deel te neem. Dit sluit die Agri Expo-jeugskou, Alpha kleinvee- en interrasskou, perd- en ponievertonings en die WP Jeugskou in.

'n Beoordelaarskursus vir Merino-kleinboere, wolproduksie en -skou, kudde-evaluering, Jersey-skou en suiwelboerdery is saam met vertonings van stoetvee en rasbekendstellings deel van die veefaktor by die skou.

Met 'n vergrote blommeskou kry besoekers geleentheid om die Wes-Kaap se unieke fynbos- en veldblomverskeidenheid te besigtig, en die bonus om daarvan te koop.

Nog 'n eerste by Nampo Kaap is die aanbieding van Landbou Boereplanne, met groot pryse op die spel.

Die Media24-vroueprogram belooft om weer 'n treffer te

Foto's van Nampo Kaap deur Jan Greyling.



CMW se daaglikse skaapskeerdemonstrasies kry deurgaans toeskouers. Tydens die vorige Nampo Kaap het Beate Breytenbach en haar dogtertjie, Yolande, van Lutzville, die vaardige handskeerder, Sweni Maienzeke, aangemoedig.



Mooi bly maar mooi ... Tertius le Roux van Paddavlei Miniatuurperdjies by Riversdal het die 11-jarige Kaylee Vosloo van Krugersdorp voorgestel aan die 8-maande oue Petite Queen, 'n volbloed Amerikaanse miniatuurperd.

wees, met Kevin Leo as gaskunstenaar om met sy sang te vermaak en sy liefde vir kos en kook oor te dra.

By Nasie in Gesprek word aktuele onderwerpe in daaglikse paneelbesprekings aangevat, soos die toekoms van landbou in die Wes-Kaap, alternatiewe gewasse vir graanprodusente en die wingerd- en vrugtebedryf.

Met die verskuiwing van die Engen 4x4-baan na die saadplotarea word demonstrasies vanjaar om 10:00 en 14:00 onder toesig deur voertuiguitstallers aangebied. ♡



Uitlegbeplanning vir 2019



Algemene sake: Nampo Kaap 4-6 September 2019

Tema: Winde van vooruitgang

"MEER AS TWEE DEKADES terug het ons ons eerste landbousaamtrek hier in Bredasdorp gehou, onder leiding van wyle Niel Giliomee. Nou, 25 jaar later, bly Bredasdorp Park steeds die tuiste vir landbou-uitstallings in die Wes-Kaap. Ons bring die landboubedryf bymekaar om saam vorentoe te boer." – Henk Aggenbach (Voorsitter Bredasdorp Park NWM).

Toegang

R70 by hek
R60 aanlyn TicketPro
R20 skoliere (voorskools gratis)

Hektye

08:00 – 17:00

Bredasdorp Park se direksie

Henk Aggenbach (voorsitter), Louw Coetzer, Dirk Hanekom, Dirk Uys, Michael van Breda, Marthelene Matthysen, Chrystal van Wyk en Alfreda Mars.

Kontakpersone

Uitstallers:
Wim Venter: wim@grainsa.co.za
Du Toit Wessels: toit@grainsa.lco.za
Rialeen Lombard: rialeen@grainsa.co.za
Bredasdorp Park - Chrystal Engel: admin@expo.org.za
Webtuiste vir inligting: www.expo.org.za

Akkommodasie

Kaap Agulhas Toerisme – 028 424 2584
Susan Wessels – 083 283 5445



Dis nie net skape, beeste en perde wat tydens die jeugskou die kullig steel nie. Hilde Reeders van Langebaan het verlede jaar die aand getrek met haar Karamaanse dwergbökkie, Betsie.



'n Landbouskou is die regte geleentheid vir ontdek, ondersoek, deel en speel. Die jongspan van die Overberg het verlede jaar sommer vroeg reeds hul skoene uitgeskop en alles wat klimbaar en rybaar was behoorlik op die proef gestel.



In die Overberg gaan min groot geleenthede verby sonder om afval op die spyskaart te hê. Skaapkop- en afvalliefhebbers het verlede jaar hierdie gunstelinggereg ten bate van die Suideroord Tehuis vir Bejaardes op Bredasdorp geniet. Marthinus Strauss (Bredasdorp), Hennie Groenewald (Somerset-Wes) en Herman Greyling (Bredasdorp) het 'n tafel gedeel.

Wilhelm Wessels – 076 609 9960 – wilhelm@trissco.co.za
Arniston Hotel – 028 445 9000
The Dunes at Arniston – 028 445 2500
Bredasdorp Karavaanpark – 028 425 5500
Standard Hotel (Bredasdorp) 028 424 1140
Victoria Hotel (Bredasdorp) – 028 424 1159
Antoinette's Tentedorp – 028 425 2729 (084 838 7070)
Doornbosch Guest Lodge & Cottages - 028 482 1994 (078 447 5625)

Lughawe (Lugmagbasis Overberg)

Lughawe slegs met vooraf goedkeuring beskikbaar. Vir meer inligting oor landingsgeriewe:
LP du Toit 082 450 1627
Johan du Toit 082 777 3935
Beheertoring 0284254081119.8 mhz



Franklin Electric

WÊRELD-KLAS POMP SISTEEM- OPLOSSINGS

Franklin Electric is die toonaangewende wêreldleier van wêreld-gehalte pomp sisteem-oplossings met uitstekende kwaliteit, beskikbaarheid, diens, innovering en koste effektiwiteit. Gerugsteun deur ongeëwenaarde kundigheid deur die hele Afrika, bied hierdie bekende handelsmerke die antwoord vir 'n groot verskeidenheid pomp aplikasies.

T: +27 11 723-6500 | www.franklin-electric.co.za



AquaDUTY



FPS



FH2TON



MONO



RBIT
PUMPS



ROTORFLO



SubDriveSolar
SOLAR PUMPING SYSTEM



SubTronic
DATA120



SVM



TSUNAMI



KWALITEIT • BESKIKBAARHEID • DIENS • INNOVASIE • KOSTE

Lubricants that protect tractors and equipment



There are multiple reasons for equipment failure in sophisticated machinery. One of the most common being inferior and inadequate lubrication. High-performance tractor fluids contain the right chemical additive packages to effectively protect gears, clutches and pumps.

PROMOTION

THE AGRICULTURAL SECTOR plays a vital role in the South African economy. The value of the agricultural production has increased by 4,7% in the period 2017/18 and contributed 2,2% to the overall GDP. This contribution is a significant provider for employment and a major earner of foreign exchange. That's why Engen lubricants are designed to protect agricultural equipment, which is probably the farmer's most important asset to operate efficiently and durably.

There are multiple reasons for tractor equipment failure. One of the most common being inferior and inadequate lubrication, making tractors vulnerable to oxidation, wear, brake chatter, erosion, corrosion and the effects of cold temperatures. Quality lubricants with advanced additive packages are available to help farmers prevent these conditions, protecting equipment, improving performance and extending tractor life. With proper maintenance, the average working life of a tractor is about 15 years.

Selecting the best tractor fluid is an important decision, as they are not all created equally. Some fluids are on the market with low-performing additive packages that can result in mechanical problems that lead to increased downtime and shorter equipment life. The discounted price is attractive to some buyers, but the long-term maintenance and repair costs attributed to substandard lubricants can significantly outweigh that initial lower cost. Quality tractor fluids are higher in price, but they are the preferred choice for engaged farmers who recognise the benefits quality fluids provide.

LUBRICANTS THAT HAVE WHAT IT TAKES

High-performance tractor fluids contain the right chemical additive packages to effectively protect gears, clutches and pumps by providing oxidation resistance, anti-wear protection, water tolerance and enhanced performance in temperature extremes and harsh conditions. Following, is a checklist that addresses the differences between high-quality and budget-priced fluids.

Oxidation

Oxidation causes the formation of sludge deposits and the thickening of fluids, reducing performance and shortening the life of any tractor. Oxidation protection provided by the additives in high-performance tractor hydraulic fluids keep parts

cleaner. Eliminating sludge means better overall performance, gear protection and reduced brake noise. And, clean fluids don't have to be replaced as often.

Excessive wear

High-performance fluids provide a dual excessive-wear protection system for gears, bearings and the soft, yellow metals in hydraulic pumps. Without the right additives, a lubricant's load-carrying, anti-wear and extreme pressure characteristics fail and result in severe ridging, visible wear and scoring on gear parts.

Corrosion

Water is harmful to tractor seals, valves and the yellow metal components in pumps and valves. High-quality tractor fluids prevent the water contamination that results in corrosion and erosion, which often leads to sluggish tractor performance and potential hydraulic pump failure. Water mixed with lower quality tractor fluids forms a corrosive mixture that erodes the yellow metal on hydraulic pumps, causing scratches on the pump's brass piston shoes. Engen's high-performing tractor fluids with additives provide high water tolerance, enabling the fluid to protect parts from corrosion and erosion in the presence of water, optimising tractor performance and reliability.

Brake chatter

Lower-quality fluids do not interact with friction materials as effectively as premium oils with chemical additive packages. Lack of friction protection causes a screeching noise in wet brakes and reduces brake performance. High-performance fluids improve braking capacity and prevent brake chatter.

Why high quality fluids matter

Engen's high-performing tractor fluids with advanced additive packages provide oxidation resistance, anti-wear protection, water tolerance and performance in temperature extremes. For more information on Engen's quality tractor fluids, do not hesitate to contact the Engen Lubricants Technical Department via telephone on 08000 36436 ext 5 or E-mail: csctechnical@engenoil.com. 🐾

Sensako vertoon sy prestasiekultivars by Nampo Kaap

Die jongste wenners en beproefde kultivars met goeie aanpasbaarheid, opbrengs en gewenste kwaliteits- en siekte-eienskappe is vir die winterreëgebied beskikbaar. Inligting oor Sensako se kultivars is saamgevat in die Kultivargids vir die Winterreëgebied. Die jongste uitgawe van dié handleiding gaan by Nampo Kaap beskikbaar wees.

PROMOSIE

SENSAKO HET GEWASDEMONSTRASIES vir Nampo Kaap op Bredasdorp Park geplant wat belangstellendes tydens begeleide deurstartoere kan besigtig. Informele gesprekke gee die verlangde toeligting. In die demonstrasiepersele is tien koringkultivars, vyf nuwe hawer-, twee gars- en twee rogkultivars geplant. Die koringkultivars in die proewe word in stroke getoets teen drie saaidigthede en met drie swambehandelings vir siektebeheer: geen beheer / 1 x bespuit / 2 x bespuit. Daarmee kan siekteweerstand in aksie gesien word.

Sensako se kundiges gaan die jongste inligting oor die beste kultivarkeuses en gewasbestuursopsies beskikbaar hê. Inligting oor die maatskappy se saadskema en die beskikbaarheid van kultivars sal ook verskaf word. 'n Besondere trekpleister is Sensako se nuwe Quantum-proefperseelstroper, wat nuwe tegnologie in navorsing demonstreer.

Om hul staatmaker-koringkultivars in verskillende produksietoestande te demonstreer, het Sensako soortgelyke demonstrasiepersele as op Bredasdorp Park oral in die Wes- en Suid-Kaap geplant. Navrae oor die liggings en "groendae" kan aan Wessel Germishuizen (082 388 0224) of Driecus Lesch (082 388 0304) gerig word.

Die kombinasie van al die kultivar-eienskappe en bestuursinstelling word versinnebeeld in die verhoogde opbrengste wat behaal word – 'Prestasiesaad met beproefde genetica'. Besoek sensako.co.za vir meer inligting. 🌱

Sensako is 'n trots Suid-Afrikaanse maatskappy en ontwikkel reeds vir langer as 60 jaar verbeterde koringkultivars met hoë en stabiele opbrengsvlakke en goeie kwaliteitseienskappe. Vir elke koringboer bly die regte kultivarkeuse 'n krities belangrike produksiebesluit in die bestuursplan om winsgewend te kan produseer.



Sensako se nuwe Quantum-proefperseelstroper waarmee die jongste tegnologie vir navorsing ingespan word. Dié stroper gaan by Nampo Kaap te sien wees.

Continual improvement


in wheat cultivars and their performance since 1958.

www.sensako.co.za

Sensako has been at the forefront of breeding in South Africa for 60 years, and our wheat cultivars are tested and trusted by wheat producers to be the best.

Bethlehem +27 (0) 58 303 4690, Napier +27 (0) 28 423 3313, Langebaan +27 (22) 772 1611

SENSAKO
Performance Seed • Proven Genetics



Die doeltreffende toediening van gewasbeskermingsprodukte

Voltan Senekal
VILLA CROP PROTECTION

DIE DOELTREFFENDE toediening van gewasbeskermingsprodukte is weens verskeie faktore 'n uitdaging. Hierdie faktore kan in twee groepe verdeel word, naamlik dit wat ten volle beheer kan word en faktore wat nie beheer kan word nie, maar wel bestuur kan word.

Die faktore waarvoor produsente met die toediening van gewasbeskermingsprodukte volle beheer het, is byvoorbeeld toerusting en die wyse van toediening. Dit is belangrik om goed te begryp wat toerusting se vermoëns en beperkinge is. Moderne sleepspuite en hoogloopspuite stel produsente in staat om onder meer vinniger te kan ry, teen hoër druk te kan spuit en die volume te kan beheer. Die spuite het ook ander beheerbare funksies.

Die faktore waarvoor produsente nie beheer het nie, maar wat wel bestuur kan word, is byvoorbeeld temperatuur, humiditeit en ander omgewingsfaktore.

Suksesvolle toediening vind plaas wanneer hierdie twee groepe faktore bestuur en belyn word vir die beste moontlike kans om die teiken te tref. Wanneer 'n mikpunt vir die spreekwoordelike visier gesoek word, moet dit sekerlik die druppelgrootte wees van die produk wat toegedien word. Al die genoemde faktore het 'n invloed op een aspek en op een plek en dit is die spuitmengsel se druppelgrootte.

Produsente wat spuit was nog altyd instinktief bewus van sekere faktore en gevolge, soos dat die spuitmasjien se pompdruk 'n invloed het op die druppelgrootte, of dat dagtemperatuur 'n bydrae lewer en dat die spoed waarteen toegedien word belangrik is. Dit is egter

belangrik om weer na die data te kyk en nie net op intuïsie te reageer nie.

Die belangrikste om te oorweeg is die onderste deel op die spuit. Die beste spuit vir toediening kan gebruik word, maar as die spuitpuntkeuse nie reg is nie, of nie reg gebruik word nie, word die teiken gemis.

'n Voorbeeld hiervan is die ou waai-



Die spuitmengsel se druppelgrootte is deurslaggewend vir doeltreffende toediening. Selfs die beste spuitmasjien gaan ondoeltreffende resultate veroorsaak as die spuitpuntkeuse nie reg is nie, of nie reg gebruik word nie.

erspuitpunte, ook bekend as "flat fan" -spuitpunte. In die VSA word druppel-skandeerders gebruik wat die spuit-spektrum van 'n bepaalde spuitpunt kan ontleed.

Ter demonstrasie is 'n waaierspuitpunt "flat fan" 11003 (blou) met 'n glifosaatmengsel teen 2,8 bar druk getoets. Die bevinding was dat 47% van die spuitprofiel se druppelgrootte kleiner as 150 mikron is. Verder, binne hierdie 150 mikron spektrum is 20% kleiner as 100 mikron.

'n Druppelgrootte van 150 mikron is volgens EU- en Amerikaanse standaard te klein vir glifosaat. Dit word ook so op die produkte se etikette aangedui. 'n Druppel van 100 mikron word beskou as 'n druppel wat nooit die vermoë het om die teiken doeltreffend te bereik nie.

Om dit beter te begryp kan hierdie twee syfers in 'n konteks geplaas word. Uit 2 L glifosaat per hektaar is 0,96 L se druppels te klein. Uit hierdie 0,96 L sal 0,4 L se druppels nooit die teiken bereik nie. Dit laat dan slegs doeltreffende toediening van 1,04 L. Boonop moet hierdie 1,04 L ook kompenseer vir hoër temperatuur en lae humiditeit, te groot onkruid, wind en ander omgewingsfaktore.

'n Beter keuse van 'n spuitpunt met dieselfde spesifikasie teen dieselfde druk is byvoorbeeld die waaierspuit "flat fan" Air Induction 11003 (blou). Dit verminder die druppels wat kleiner as 100 mikron is na net 4,3%, in plaas van 20% soos by die voorafgenoemde spuit. Die keuse van spuitpunt word ook bepaal deur die soort chemikalie wat toegedien word, asook die drukking, volume en spoed waarteen toegedien word.

NA BLADSY 22 >>>

CLASS ACT NG (L 10477)

An activator for
optimal weed control

Class Act NG is a new technology penetrant containing CornSorb for reduced evaporation of spray droplets and increased absorption of herbicides.

www.villacrop.co.za
011 396 2233

villa 

Products. Insights. Expertise.

Reg. No. L 10477 Act/Wet No. 36 of/van 1947, Caution
ACTIVE INGREDIENTS ammonium sulphate 480 g/l PLUS a non-ionic surfactant
(Alkylpolyglycoside C8-10 / Agnique PG 8105)

Die doeltreffende toediening van gewasbeskermingsprodukte

◀◀◀ VAN BLADSY 20

Drukking speel 'n belangrike rol. Spuit-operateurs "speel" met die drukverstelling, met die gedagte om meer en dieper penetrasie van die spuitmengsel te kry. Die teenoorgestelde gebeur egter gereeld. Sodra 'n spuitpunt buite die aanbevole druk gebruik word, genereer dit 'n baie klein mate van verhoogde lewering maar dit vermeerder ook die kleiner druppels in die spuitprofiel.

Hierdie kleiner druppels waai weg, verdamp in die lug of, as dit dalk die boonste deel van die blaardak tref, verdamp dit baie vining op die blootgestelde oppervlak.

Die nuutste druppelskandeerders in die VSA kan druppelspoed en verdampingstempo bepaal (**Tabel 1**). Die terminale spoedafstand is die afstand van die spuitpunt af totdat die druppel al sy momentum verloor het en stil staan.

Die gemiddelde hoogte van die spuitbalk bo die teiken is 50 cm. Wanneer die druppel van 200 mikron ontleed word, is daar slegs 13,5 cm blaardakpenetrasie voordat die druppel stil staan. Met sulke

klein druppels is daar nie genoeg diepte-penetrasie nie en verhoogde druk gaan slegs meer, kleiner deeltjies genereer, soos reeds aangedui is.

Goeie dieptepenetrasie word verkry wanneer die spuitprofiel se grafiek 'n knap Bell-kurwe wys. Swak dieptepenetrasie maak die beheer van peste soos blaarmyner en swamsiektes moeilik en duur.

'n Goeie druppelgrootte gaan ook beter deponering op die teiken gee. In plaas van 'n klomp fyn druppels (kleiner as 200 mikron) op die teiken wat vinnig kan verdamp, of enkele groot druppels (groter as 500 mikron) wat dalk kan afrol, gee 'n gemiddelde grootte druppel (350 mikron) goeie verspreiding op die oppervlak en dit bly lank genoeg "nat" vir absorpsie en translokering – met inagneming van omgewingstoestande en die soort produk wat toegedien word. Gebruik die produk wat gespuit word se etiket vir aanbevelings oor druppelgrootte.

Byvoegmiddels is 'n baie belangrike

stukkie gereedskap in die toedieningskas. Geregistreerde middels wat drywing beheer en "druppelgrootte" manipuleer is lankal reeds beskikbaar. Dit is produkte wat gegroep kan word as Guar, Polyakrielamides, Lesitiene en Inverse emulsies.

Daar is boererate wat onder meer molasse bevat wat (met risiko) gebruik word om druppelgrootte te manipuleer. Daar is egter nuwe generasie druppel-manipuleerders, naamlik die olie-emulsies, waarvan 'n kommersiële produk reeds met sukses in Suid-Afrika gebruik word. Hierdie produk is uniek omdat dit slegs die klein druppels groter maak sonder om die hele spuitprofiel na die groter spektrum te skuif, soos in die geval van Guars en Lesitiene. Dit het ook 'n "humectant" in wat druppels vir 'n langer tydperk nat op die teiken hou en wat absorpsie en translokering bevorder.

Doeltreffende druppelgrootte en gevolglik doeltreffende toediening kan met 3 Ds gemeet word:

- Is daar wegDrywing van produk?
- Is daar Dieptepenetrasie, en
- Is daar goeie Deponering op die teiken?

As al drie hierdie Ds gesamentlik aandag kry sal suksesvolle toediening die reël wees.

Navrae: Web: www.villacrop.co.za; 087 740 3490; 011 396 2233. 📞

Tabel 1: Druppelspoed en verdampingstempo. Die terminale spoedafstand is die afstand van die spuitpunt af totdat die druppel sy momentum verloor het en staties is.

Druppelgrootte	Verdamping	Terminale spoedafstand
100 mikron	7 sekondes	22,8 cm
150 mikron	16 sekondes	40,6 cm
200 mikron	29 sekondes	63,5 cm

Boerderygemeenskap se veiligheid is 'n prioriteit

"DIE VEILIGHEID VAN DIE boerderygemeenskap in Suid-Afrika is 'n prioriteit vir die Agri Securitas Trustfonds. Daarom het die Trustfonds pas weer geld bewillig om nagenoeg 420 boere en 15 500 plaaswerkers regoor Suid-Afrika te help beveilig deur 'n geldelike skenking van meer as R1,5 miljoen aan twaalf boereverenigings te bewillig vir die oprigting van kameranetwerke en die aankoop van veiligheidstoerusting," sê Japie Grobler, voorsitter Agri Securitas Trustfonds.

"Met dié finansiële bydrae poog die Trustfonds om die bate wat verantwoordelik is vir stabiliteit en voedselsekerheid in die land te help beskerm. Die mate waartoe die landbougemeenskap onderworpe is aan gewelds- en eiendomsverwante misdade skep 'n enorme probleem vir die sektor. Alle Suid-Afrikaners moet daarvan kennis neem. Terselfdertyd moet daar ook ag geslaan word op die misdadbedreiging van ander gemeenskappe in die land en die negatiewe implikasie

wat dit op hulle reg tot veiligheid het," sê Grobler.

Fondse is bewillig aan boereverenigings in Noordwes, die Noord-Kaap, Limpopo, KwaZulu-Natal en Wes-Kaap. Boereverenigings maak toenemend staat op die implementering van kamerastelsels wat 'n waarnemingsvermoë oor 'n wye gebied aan hulle verskaf. Met die stelsels kan verdagte voertuie en persone wat 'n gebied betree geïdentifiseer word.

Veediefstal is een van die grootste eiendomsverwante misdade wat lede van die boereverenigings ervaar, saam met groot finansiële verliese. Huisrowe is nog 'n misdaad waaraan die landbougemeenskap blootgestel word, met die gepaardgaande traumatiese gevolge. Die diefstal en vernietiging van plaasinfrastruktuur en smokkelhandel is misdade waaraan die boerderygemeenskap toenemend blootgestel word. Daarom poog die Trustfonds, met 'n bewese rekord en met die hulpbronne tot sy beskikking, om boerderygemeenskappe te help om hulleself te beskerm. 📞

Effektiewe onkruidbeheer ... elke keer Roundup® – steeds die effektiefste oplossing.

Wanneer dit kom by breëspektrum-onkruidbeheer as deel van 'n oesbeskermingsprogram, bly Roundup® se konsekwente kwaliteit steeds onoortreflik. Roundup® is mengbaar met 'n wye reeks ander oesbeskermingsprodukte. Dit is die ideale produk wat bewaringslandbou moontlik maak en hou jou grense, landerye en meerjarige gewasse onkruidvry. So help dit jou gewasse om hul volle potensiaal te bereik.

Roundup
TURBO
HERBICIDE

- Gebruik dit as 'n voor-plant onkruiddoder vir gemoedsrus.
- Maak bewaringslandbou moontlik.
- Is reënvas binne twee ure na toediening.

Roundup
PowerMAX
HERBICIDE

- Verseker oesveiligheid.
- In **Roundup Ready®**-gewasse kan dit na opkoms bo-oor die gewas gespuit word of as 'n gerigte bespuiting op bv. mielies, soja en katoen.
- Is reënvas binne een uur na toediening.



- Bevat Transorb™-tegnologie vir vinniger absorpsie en translokasie



- Toedieningsaanpasbaarheid volgens individuele etiketaanbevelings



- Breëspektrum-onkruidbeheer



Vir doeltreffendheid en oesbeskerming, asook die korrekte gebruik van die produkte, lees die produketikette vir volledige gebruiksaanwysings. Slegs die korrekte en verantwoordelike gebruik van hierdie onkruiddoders sal uitstekende onkruidbeheer verseker wat die groei van jou oes en profyt tot gevolg sal hê.

Roundup® bevat 360 g glifosaat/ℓ. Wees versigtig. Reg.nr. L0407 (Wetnr. 36 van 1947).
Roundup® PowerMAX bevat 540 g glifosaat/ℓ. Wees versigtig. Reg.nr. L7769 (Wetnr. 36 van 1947).
Roundup® TURBO bevat 450 g glifosaat/ℓ. Reg.nr. L7166 (Wetnr. 36 van 1947), is Groep G-onkruiddoders en is geregistreerde handelsmerke van Monsanto Technology LLC. Gebruik die onkruiddoder op 'n veilige manier. Monsanto Suid-Afrika (Edms) Bpk, Posbus 69933, Bryanston, 2021.

Stimuleer mikrobies in grond en wen met gesonde plante se opbrengs

Jan Greyling
MEDEWERKER

“ONS GROND LEWE EN ons moet ophou om dit soos vuil modder te hanteer. Net soos ons kinders mediese sorg ontvang moet grond ook liefde en aandag kry wanneer dit nie gesond is nie. Laat toets jou grond deur 'n spesialis wanneer dit nie gesond is nie en wees bereid om die pad te stap om dit weer gesond te kry en te hou,” sê Johan Habig, senior navorser: Mikrobiologie van Agri Technovation. “Vir die produsent wat die vrugte van biologiese presisie-ontledings wil pluk, is omvattende kennis en begrip van die biologiese rol wat mikrobies in grond speel, 'n vereiste.”

“Vergelyk die werking van die verskeidenheid noodsaaklike mikrobies in grond met 'n fabriek met 'n rits sleuteltake. Die fabrieksbestuurder wil seker wees dat al die take so spoedig en akkuraat as moontlik deur bekwame mense verrig word ten einde sukses te verseker. Dieselfde beginsel geld by mikrobies: verskillende mikrobies verrig unieke en belangrike funksies in die grond teen verskillende tempo's. Gevolglik moet hulle gestimuleer word om hul werk ten beste te verrig, ten einde te verseker dat die grond optimaal gesond is.”

Johan is besorg omdat baie mikrobies weens chemiese versteuring nie self hul funksies optimaal verrig nie. “Dit versteur die organismes se dinamika. Weens chemiese versteurings is daar tans baie leemtes. Ons moet poog om mikrobies meer spasie te gee om 'asem te haal' deur meer natuur-vriendelike praktyke toe te pas.”

Vir kommersiële produsente is dit tans 'n groot uitdaging om sonder chemiese kunsmis te boer, maar hierdie uitdaging moet produsente nie verhinder om meer biologiese oplossings te oorweeg nie.

Met laasgenoemde oplossings word die mikrobies gevoed met 'n deklaag of natuurlike kompos van hoë kwaliteit. Die mikrobies en ander lewende organismes in die grond is op soek na en vereis 'n verskeidenheid natuurlike voedingstowwe van goeie gehalte wat noodsaaklik is vir optimale werkverrigting.

“Die samestelling van kompos se grondstowwe is die sleutel tot sukses. Hoe groter die verskeidenheid grondstowwe, hoe groter is die verskeidenheid beskikbare natuurlike kos vir mikrobies en hoe groter die verskeidenheid goeie en aktiewe mikrobies in die grond.”

Volgens Johan is dit noodsaaklik om die natuurlike werking van mikrobies in enige gewasverbouing te optimaliseer.

“Ons mikrobiële ontledings en aanbevelings onderskei nie tussen bedrywe nie, want alle grond het lewende organismes wat so natuurlik as moontlik en optimaal gestimuleer moet word vir die beste moontlike volhoubare opbrengs. Elke



Johan Habig is Agri Technovation op Wellington se senior navorser in mikrobiologie. Foto: Jan Greyling, Seil Safari 2019.

unieke kultivar van een- of meerjarige gewasse reageer verskillend, afhangend van die verskillende grondtipes.”

Agri Technovation ontleed grondtipes om die verskeidenheid en aktiwiteit van die mikrobiële samestelling in die spesifieke grondsoort vas te stel. In samewerking met Agri Technovation se spesialis hortoloog en agronome word die produsent ingelig oor die presiese kultivar wat die beste sal reageer en presteer in 'n spesifieke land, boord of bedding. Dikwels is die oorsakeling na dekgewasse makliker met seisoenale gewasse as met permanente gewasse. “Ek vermoed dat oorsakeling na biologiese bewaringspraktyke oor die lange duur in albei gevalle lonender sal wees,” sê Johan.

“Ons kan die kombinasie van kultivars en die optimale werking van die mikrobies wat voorkom verbeter en doeltreffender bestuur, maar ons kan nie die grondtipe waarmee die produsent op die spesifieke punt op die plaas werk, verander nie,” sê Johan.

Maak jou kinders anders groot

Johan waarsku dat gewasse en kultivars op aangrensende plase nie noodwendig dieselfde resultate sal lewer nie.

“Die mikrobiële samestelling van elke plaas se grond is anders weens historiese landboupraktyke daarop. Vir volgehoue optimale opbrengs is dit belangrik om te weet wat jou grond se mikrobiologiese profiel is.”

In roterende graangewasproduksie word mikrobiële

ontledings ook gebruik om die invloed van die eerste gewas se lewensiklus op die funksionering van die mikroörganismes in die grond te ontleed, asook om vas te stel hoe dit die opvolg-gewas bevoordeel of benadeel. Die gewasvolgorde wat die mikrobies ten beste stimuleer sal só deur deurlopende mikrobiese ontledings bevestig word.

Oor die lang termyn verskaf dit bevestiging oor hoe die natuurlike werking in grond optimaal bestuur kan word, wat medium- tot langtermynbesparings en meer volhoubare landboupraktyke sal verseker.

Objektiewe voorsorg

Net soos ouers met hulle kinders, meen Johan geen produsent is objektief oor sy plaas en die grondpotensiaal nie.

“’n Onafhanklike ontleding van die biologiese en chemiese samestelling sal keuses en resultate beïnvloed. Dit kan net wetenskaplik gedoen word.

“Ons help die produsent om risiko te verlaag en sy oespotensiaal te bereik. Deur die inligting holisties te kombineer met ander datastelle op MyFarmWeb kan die produsent met redelike akkuraatheid uitwys waar hy wins gemaak het en waar moontlike verliese was.

“Produsente begin besef dat hul bestaande praktyke nie meer oplewer wat hulle nodig het nie en so skop die bewaringsgesindheid in. Ons kliënte wil water spaar, waterbesoedeling beperk en hulle verstaan die gevolge van siek en swak gronde. In wese boer almal primêr met grond en is produsente gefokus op geld terug in hul sakke vir oorlewing,” aldus Johan. ♣

Raak deel van oplossings, vra Wilken by VL kongres

RAAK BETROKKE EN vat hande Rom uitdagings die hoof te bied, sê Vrystaat Landbou (VL) se president, Francois Wilken, aan landbouers en die landbousektor by VL se jaarkongres van 2019.

“As ons in landbou nie besef ons moet saamstaan nie, wag daar vir ons ‘n helse verrassing,” het hy gesê. “Gaan ons terugsit en hoop iemand gaan namens ons aandag aan probleme gee of gaan ons konstruktief deel raak van moontlike oplossings?”

Wilken het ‘n beroep op landbouers gedoen om na te dink oor wat hul rol in georganiseerde landbou is. VL se jaarkongres, wat op 7 en 8 Augustus 2019 in Bloemfontein plaasgevind het, se tema was Wat is my rol as lid van Vrystaat Landbou?

“Hoe posisioneer ek myself om te oor-



Verskeie bekendes was teenwoordig en het belangrike landboukwessies by Vrystaat Landbou (VL) se jaarkongres in Bloemfontein bespreek. Hier is prof Danie Brand, direkteur van die Sentrum vir Menseregte by die Universiteit van die Vrystaat, Dan Kriek, president van Agri SA, Francois Wilken, president van VL, en dr Frans Cronjé, uitvoerende hoof van die Instituut vir Rasseverhoudinge. Foto: Frikkie Kapp.

leef, voort te gaan en ‘n sukses te wees? Wat gaan ek doen?,” het Wilken gevra. “Ek hoor heeldag: Wat gaan julle (VL) nou doen? Wat sê julle? Ek hoor bitter selde: Wat moet ons nou doen? Wat kan ons nou doen om sake om te draai?”

Hy het landbouers aangemoedig om geleenthede te soek, hul gemeenskappe te help ontwikkel en druk op die regering te sit om dienslewering te verbeter.

Uitdagings

Volgens Wilken is landbou se grootste uitdagings eiendomsreg, onteiening sonder vergoeding (OSV), grondhervorming, veiligheid en die ekonomie.

Hy meen “feitlik alle grondhervormingsprojekte van die regering het misluk” en dat landbouers, landboubesighede en -organisasies verskeie suksesstories daaroor het, maar dat dit min aandag geniet.

Prof Danie Brand, direkteur van die Sentrum vir Menseregte by die Universiteit van die Vrystaat, en dr Frans Cronjé, uitvoerende hoof van die Instituut vir Rasseverhoudinge, was die kongres-gassprekers. Hulle het die gronddebat en OSV uitgelig.

Brand meen die grondwet gaan wel gewysig word. “Die vraag is eerder hoe dit gewysig gaan word,” het hy gesê.

Volgens hom is daar egter steeds redes waarom ‘n mens hieroor kalm kan bly. Dit gaan nog lank neem voor enige regsverandering kan plaasvind en dat ‘n grondwetwysiging in werklikheid nie ‘n



Francois Wilken, president van Vrystaat Landbou (VL), het landbouers by VL se jaarkongres aangemoedig om deel te neem aan georganiseerde landbou en elkeen hul kant te bring. Foto: Frikkie Kapp.

verandering in die regsposisie van eiendomsreg gaan maak nie.

Cronjé is bevrees dat indien OSV nie getroef word nie, die land tot ‘n toekomst van mislukking, armoede en chaos gedoem is. Volgens hom is dit moontlik om dit te keer, mits sekere stappe gevolg en strategies te werk gegaan word. Hy het gesê dit is belangrik om jou ontleding reg kry en ingelig te wees, om te organiseer, lyne in die sand te trek en te weet waarvoor jy staan, jou mandaat aktief te verdedig en druk op ‘n ordelike manier toe te pas.

Cronjé het gesê niemand gaan egter namens landbouers veg nie. “Die enigste mense wat julle hier uit kan kry, is juisself. Dit (Vrystaat Landbou) is julle organisasie en julle bepaal wat daarin gebeur. Dit is ‘n spieël en weerspieëling van jou.” ♣

Van gars tot bier ... 'n sensitiewe en akkurate proses



Tydens 'n toer deur SAB se Newlands Brewery kry besoekers geleentheid om die Newlands Spring Brewing Company se vier spesialisbiere te proe. Van links af is dit die Tribute Lager ter ere van Anders Ohlsson, Summer Weiss, Jacob's Pale Ale en Belgian Blond Ale.

UIT DIE VOORSIENING van moutgars en hops as belangrike grondstowwe, die noukeurige vermomting en verwerking daarvan en 'n beproefde brouproses kry bierliefhebbers hulle goue, bitter-bruisende drankie. Wanneer die eindproduk geniet word, het min gebruikers 'n begrip van die landbouproducent se duur insetmiddele en noukeurige versorging, sy kommer oor weerstoestande en waaksaamheid teen plaë. Hulle besef ook nie die sensitiwiteit in die brouproses nie – so lank die gekose bier lyk, ruik en proe soos dit altyd was.

Newlands brouery in die Wes-Kaap is die vierde kleinste van die biermaatskappy AB InBev se sewe brouery in Suid-Afrika en voorsien jaarliks 4,5 miljoen hektoliter bier. Hierdie historiese brouery langs die legendariese Nuweland-rugby- en -krieketveld vier in 2020 sy 200e bestaansjaar.

Lank nadat die Vryburger Pieter Visagie in 1657 die eerste broulensie ontvang het vir sy brouery op die oewer van die Liesbeekrivier, het Jacob Letterstedt in 1820 in die Kaap aangekom en die Mariendahl-brouery opgerig. Dit is hier waar die Newlands brouery sy deel bydrae om 'n kwota bekende SAB-biersoorte te produseer.

Newlands brouery is die oudste kommersiële brouery in die



Tydens verbeterings op die brouery se perseel is ondergrondse strukture en oorblyfsels van vorige dekades se brouerye blootgelê. Die perseel is nou 'n nasionale gedenkwaardigheid.

Die Suid-Afrikaanse Brouery (SAB) het 'n groep joernaliste op 'n inligtingstoer geneem om bier se volledige vervaardigingsproses te leer ken. Aan die einde van 2018 is die besoekers na die noordelike besproeiingsgebiede geneem waar gars in die Noord-Kaap verbou word. Dit is vanjaar opgevolg met 'n besoek aan SAB se hopsplaas naby George en SAB Maltings se moutaanleg op Caledon. Om die vervaardiging van die finale produk te beleef is die historiese bierbrouery, Newlands Brewery, in Kaapstad besoek.

land en het in 1995 Erfenisstatus ontvang. Hoewel samesmeltings en oornames brouery soos Ohlsson's Cape Breweries en SA Brouery (SAB) tot gevolg gehad het, onderhou Newlands se brouery steeds sy stigters se tradisies.

Een daarvan is om op die eerste Vrydag van elke maand vate bier met 'n perdekar by Foresters Arms – of Forries soos gereelde klante dit noem – af te lewer. Dit is 'n gewilde kuierplek wat sedert Mei 1852 sake doen en is propvol tradisie wat deur duisende sportliefhebbers van die aangrensende krieket- en rugbyvelde ondersteun word.

Die brouery het 'n eiesoortige ligging omdat dit in 'n woongebied geleë is en nie soos ander brouerye in 'n nywerheidsgebied nie. Die standhoudende fontein langs die brouery was een van die redes waarom Jacob Letterstedt in 1820 die oorspronklike Mariendahl Brouery hier opgerig het. In 'n stadium was daar tussen 1840 en 1884 vier brouerye in die omgewing wat van die suiwer fonteinwater gebruik gemaak het.

Net soos Nuweland se tydsame en standhoudende fontein en boorgate, is tydsamheid een van die belangrikste suksesfaktore in die bierbrouproses. Die fermentasieproses in die brouery duur byvoorbeeld twee weke sodat alkohol

stelselmatig uit die suiker verkry kan word.

Ondanks die brouery se historiese grondslag en die sigbare eeu-oue fondasies en strukture wat besoek kan word, is daar 'n miernes van ordelike bedrywighede deur werkers, rekenaars en masjiene in die gebouekompleks. Ná al die brouprosesse word onder meer 42 000 bottels bier van 750 ml en 45 000 bottels van 330 ml bier per uur hier geproduseer – altesaam 1,2 miljoen liter per dag.

Weens die brouery se historiese en argitektoniese waarde is dit sedert 1995 'n Nasionale Gedenkwaardigheid. Die jongste verwickeling by die brouery was die loodsing van 'n klein brouery vir spesialiteitsbier, die Newlands Spring Brewing Company. Soos die naam aandui, word die fontein se water gebruik om vier spesialiteitsbiere te brou, naamlik Tribute Lager, Summer Weiss, Jacob's Pale Ale en Belgian Blond Ale.

Die Newlands Brewery is nie net uniek weens sy gebruik van fonteinwater en sy ligging nie. Sover dit waterbesparing en die doeltreffende aanwending daarvan betref, is hierdie brouery die toppresterder van alle brouerye in Afrika. Baie water word in die bierbrouproses gebruik en AB InBev en SAB bestee baie geld en tyd aan navorsing vir volhoubare produksie. Landbouprodusente wat byvoorbeeld gars, hops en mielies as grondstowwe lewer is terdeë bewus van AB InBev en SAB se strewing om met beste praktyke te produseer.

In 2013 het Newlands se brouery 3,45 liter water gebruik om een liter bier te produseer. Teen Desember 2018 is die waterverbruik tot 2,85 liter verminder en vanjaar is 2,73 liter gehaal. Die mikpunt is om slegs twee liter water te gebruik.

Uit die 2,73 liter water per liter bier word ongeveer 1 liter water in die bier aangetref, 0,1 liter water verdamp, 0,1 liter is in die afvalproduk wat as veevoer verkoop word en 1,6 liter water is afloopwater wat deur die munisipaliteit verwerk en weer versprei word. SAB het sedert 2012 altesaam R67,3 miljoen by Newlands se brouery bestee om waterverbruik, koolstofvrystelling en energieverbruik te verminder.



Niks het verander nie ... te midde van Kaapstad se besige verkeer sit SAB die tradisie voort om Foresters Arms se vate bier met 'n perdekar af te lewer.



Op die gerekenariseerde produksielyn van die bottelary word 87 000 bottels bier per uur gelewer.



Houtkrate met verskillende soorte bierbottels by SAB Newlands Brewery se erfenismuseum.



Besoekers is welkom om SAB se Newlands Brewery op 'n begeleide erfenistoer van nader te leer ken. Meer as 11 000 besoekers het die toer in 2018 onderneem. Dit kos R100 per persoon en R60 vir pensioenarisse en duur sowat 'n uur lank. Die prys mag later aangepas word. Toere word daaglik aangebied, behalwe op Sondag en openbare vakansiedae. Besprekings moet vooraf gedoen word by 021 658 7440 of per e-pos by newlandstours@za.ab-inbev.com. 🍷

Koring, gars, hawer en kanola se marksituasie

Sanet Naudé en Nico Hawkins
SA GRAANINLICHTINGSDIENS

KORING

Internasionale en plaaslike vraag en aanbod

Tabel 1 toon die internasionale en plaaslike vraag en aanbod van koring in vergelyking met die vorige produksiejaar.

'n Gemiddelde berekende plaaslike voorraad van 580,6 ton (2,1 maand of 65 dae) sal aan die einde van die seisoen beskikbaar wees.

Internasionale en plaaslike pryse op 23 Julie 2019

Tabel 2 toon hoe die jongste pryse van koring op die plaaslike en internasionale markte vir September 2019 en Oktober 2019 se kontrakte gewissel het.

Dit het \$28 per ton gekos om koring van Argentinië af na Suid-Afrika te verskeep en \$35 van die Golf van Meksiko af (VSA koring).

Tabel 3 toon die invoerpariteitspryse van VSA HRW- en VSA DNS-, Argentynse Trigo Pan- en Duitse koring in vergelyking met 'n maand en 'n jaar gelede.

GARS, HAWER EN KANOLA

'n Opsomming van die internasionale en plaaslike vraag- en aanbodsituasie ten opsigte van gars, hawer en kanola, in vergelyking met die vorige produksiejaar, word in **Tabel 4** saamgevat.

Bronne: SAGIS, USDA, JSE, NOK, NLBR, Internasionale Graanraad

Tabel 2: Jongste koringpryse teenoor vorige pryse.

JSE	2019/07/23 Prys R	% Maand op maand	2019/06/24 Prys R	% Jaar op jaar	2018/07/23 Prys R
Sept '19	4 509,00	1,05	4 462,00	7,18	4 207,00
Des '19	4 427,00	2,12	4 335,00	5,25	4 206,00

KCBT	2019/07/23 Prys \$	% Maand op maand	2019/06/24 Prys \$	% Jaar op jaar	2018/07/23 Prys \$
Sept '19	158,51	-9,64	175,41	-15,51	187,61
Des '19	165,05	-9,98	183,35	-16,29	197,16

Bron: JSE Kommoditeite en KCBT

Tabel 3: Koring se invoerpariteitspryse op 4 Junie 2019.

Pryse gelewer in Randfontein	2019/07/23 Prys R/t	% Maand op maand	2019/06/25 Prys R/t	% Jaar op jaar	2018/07/24 Prys R/t
VSA Golf	5 133,25	-2,58	5 269,44	12,52	4 562,15
VSA DNS	5 357,94	-0,50	5 385,11	11,77	4 793,87
Arg. Trigo Pan	5 498,71	2,38	5 371,12	20,16	4 576,00
EU Duitsland	4 866,42	-3,96	5 067,24	9,27	4 453,62

Bron: Internasionale Graanraad

Tabel 4: Gars, hawer en kanola se vraag en aanbod.

Bemarkingsjaar Okt - Sep	Internasionaal			RSA (SAGIS)		
	Vooruitsigte 2019/20			Progressief 2018/'19 Okt '18 - Jun '19		
	Gars Mil ton	Hawer Mil ton	Kanola Mil ton	Gars '000t	Hawer '000t	Kanola '000t
Oesskatting				421,5	Nvt	104,5
Beginvoorraad	17,3	2,2	7,6	186,1	22,7	6,5
Lewerings	151,9	24,7	71,8	425,3	32,5	104,1
Invoer	27,6	2,7	15,9	0,0	23,5	0,0
Aanwending ^(a)	148,5	23,9	72,1	251,7	48,3	73,5
Uitvoer ^(b)	28,1	2,9	16,5	20,5	0,0	0,0
Eindvoorraad	20,2	2,8	6,7	340,8	30,5	37,9

(a) Ingesluit produsente-onttrekkings, saad en eindverbruikers

(b) Ingesluit heelgraan en produkte

Bronne: SAGIS, Internasionale Graanraad

Tabel 1: Internasionale en plaaslike en vraag en aanbod vir koring.

Bemarkingsjaar	Internasionaal				Plaaslik			
	Projeksie 2019/'20	Projeksie 2018/'19	% Vergelyking A & B	Finaal 2017/'18	Prog. 2018/'19 Okt '18 - Jun '19	Projeksie 2017/'19	% Vergelyking C & D	Finaal 2017/'18
	A			B		C		D
	Julie tot Junie				Oktober - September			
	(Miljoen ton)				('1000 ton)			
Oesskatting								
Beginvoorraad	275,1	281,1	7,2	262,1	721,5	721,5	111,3	341,4
Lewerings	771,5	730,9	-4,1	761,9	1 824,6	1 835,0	18,6	1 547,5
Invoer	178,9	173,9	-3,3	179,8	860,0	1 400,0	-35,6	2 173,8
Totaal: Verwerk ^(a)	756,0	735,5	-0,7	740,7	2 431,4	3 265,4	1,1	3 229,1
Uitvoer ^(b)	183,1	175,3	-3,7	182,0	76,2	112,0	-0,6	112,7
Eindvoorraad	286,5	275,1	-2,1	281,1	903,3	580,6	-19,5	721,5

(a) Ingesluit produsente-onttrekkings, saad en eindverbruikers

(b) Ingesluit heelgraan en produkte

Bron: Internasionale Graanraad, NLBR Vraag- & Aanbodkomitee, SAGIS

Sóveel produkte uit koring vervaardig



Sanet Naudé en Nico Hawkins
SA GRAANINLICHTINGSDIENS

Van 1 Oktober 2018 af tot 30 Junie 2019 is:

- 2 415 437 ton heelkoring in die tydperk van nege maande gemaal;
- 1 993 950 ton koringmeel vir menslike verbruik vervaardig. **Tabel 1** toon die hoeveelhede vir die ooreenstemmende tydperk van die vorige jaar;
- 23 970 ton koringprodukte ingevoer en 8 306 ton uitgevoer.

Panbrood

- Vir die tydperk van nege maande is 1,7 miljard panbrode gebak (5,3% meer as in dieselfde tydperk verlede jaar). Dit is 196,4 miljoen brode per maand of 45,3 miljoen brode per week.
- **Tabel 2** toon die vergelykende hoeveelhede vir die ooreenstemmende tydperk van die vorige jaar.

Figuur 1 toon die totale getal van soorte brode vervaardig en **Figuur 2** toon die totale getal brode volgens gewig.

- Volgens Statistieke SA het 'n witbrood van 700 g in Junie 2019 R13,90 gekos. Dit is 7,3% duurder as in Junie 2018, terwyl 'n bruinbrood van 700 g R12,65 gekos het, wat 9,7% duurder is as 'n jaar gelede.
- Koekmeel (1 kg) en broodmeel (1 kg) kos onderskeidelik sowat 4,6% en 5,4% goedkoper as in Junie 2018.


Meer inligting kan by die volgende skakel op SAGIS se webtuiste verkry word: www.sagis.org.za/products.

Tabel 1: Koringprodukte per maand vervaardig.


Rapportering volgens heelgraan bemerkingseisoen: Okt-Sep	2017/'18 Okt '17 - Sep '18 (12 maande)	2017/'18 Progr. Okt '17 - Jun '18 (9 maande)	2018/'19 Progr. Okt '18 - Jun '19 (9 maande)	% Jaar op jaar
	Vervaardig (ton)			
Koekmeel	884 754	631 728	689 834	9,2
Bruismeel	17 169	12 143	12 956	6,7
Witbroodmeel	1 139 270	841 557	843 547	0,2
Bruinbroodmeel	408 574	301 378	297 652	-1,2
Ander meel (Industrieel)	121 959	92 310	80 828	-12,4
Volkoringmeel	3 196	2 530	3 533	39,6
Semels	653 359	476 006	495 711	4,1
Semolina	18 675	15 457	5 600	-63,8
Totaal produkte	3 246 956	2 373 109	2 429 661	
Totaal heelkoring gemaal	3 280 581	2 369 744	2 415 437	

Tabel 2: Pangebakte brode.

	2017/18	2017/18	2018/19	% Jaar op jaar
	Totaal Okt '17 - Sep '18 (12 maande)	2017/18 Progr. Okt '17 - Jun '18 (9 maande)	2018/19 Progr. Okt '18 - Jun '19 (9 maande)	
Eenhede				
Witbrood	1 116 232 076	825 051 039	867 680 162	5,17
Bruinbrood	1 125 967 322	828 751 079	874 676 974	5,54
Heelgraan	30 013 652	22 230 113	21 844 894	-1,73
Ander	3 555 435	2 811 916	3 412 191	21,35
Groototaal	2 275 768 485	1 678 844 147	1 767 614 221	5,29



Figuur 1: Pangebakte brood per soort (eenhede) Okt 2018 – Junie 2019.



Figuur 2: Pangebakte brood volgens gewig Okt 2018 – Junie 2019.

Vyf geldige redes om 'n oes by Santam te verseker

PROMOSIE

AGRI GLOBAL FOOD Suid-Afrikaanse boere kan deesdae tussen verskeie oesversekeringsprodukte van verskillende versekeraars kies.

Volgens Schalk Schultz, bestuurder van Santam Landbou se sakeontwikkeling, is dit belangrik om seker te maak hoe 'n kliënt se versekerde verlies aan die einde van die dag bepaal gaan word alvorens 'n produkkeuse gemaak word.

Schultz meen die volgende kriteria kan help om 'n ingeligte besluit te neem.

- Mielieprodusente verdien hul inkomste uit die produksie en verkope van mielies. Dit maak dus sin om 'n versekeringsprodukt te kies wat die opbrengs beskerm, plaas van slegs enkele van die baie faktore wat gesamentlik tot die uiteindelijke oes bydra. "Dit baat niks om dekking te geniet teen slegs sekere oorsake, soos 'onvoldoende reën' of 'onvoldoende vegetatiewe groei'. Al is een of albei dié faktore gunstig, waarborg dit nog nie 'n goeie opbrengs nie," verduidelik Schultz.
- Wanneer die mielieprys gunstig is tydens produksiejare waarin die produsent 'n opbrengsverlies het, wil die produsent nie sy pryswinst met die versekeraar deel nie. "Jy wil tog sekerlik die volle prysvoordeel vir jousef neem en verkies om vir jou opbrengstekort vergoed te word teen die mielieprys wat jy gekies het ten tye van versekering en waarop jy premie betaal het," sê Schultz. Mielieboere wil nie hê hul prysvoordeel moet verreken word teen die opbrengstekort wat hulle gely het om

sodoende die versekeringseis te verklein nie.

- Die produsent verkies tog sekerlik dekking teen die verskil tussen sy eie langtermyn gemiddelde opbrengs en die opbrengs wat hy tydens oestyd realiseer? "Jy wil tog nie hê jou verlies moet bereken word volgens die gemiddelde opbrengs van al die boere in jou spesifieke omgewing, net omdat jou versekeraar die koste wil vermy om jou individuele verlies te bereken nie?"
- Produsente weet uit ervaring dat daar jaarliks groot verskille in opbrengs tussen die onderskeie mielielande op 'n plaas is. Hoeveel groter sal die verskille dus nie wees tussen sy opbrengs en dié van ander boere in sy omgewing nie? "Dit is gevolglik nie realisties om te verwag dat almal in dieselfde omgewing presies dieselfde opbrengs per hektaar in enige seisoen sal realiseer nie," sê Schultz.
- Produsente benut die beste produksiemiddele wat beskikbaar is en kan met reg aanvaar dat 'n versekeringsprodukt aan dieselfde standaard moet voldoen.
- "Jy wil ook jou oes by 'n Suid-Afrikaanse versekeraar verseker met 'n bewese rekord wat oor baie jare opgebou is," sê Schultz.

Santam Landbou se Multirisiko-versekeringsprodukt vir somergraanboere voldoen aan al die produsent se vereistes. Kontak Santam of 'n makelaar somer vandag nog. 📞



Boerdery het verander.
Behoort jou versekering nie ook dieselfde te doen nie?

Bel jou makelaar of gaan na www.santam.co.za/products/agriculture vir meer inligting.

santam
landbou



Ontgin die landboumark ten volle...

Maak gebruik van die spesialiste

UITGEWERS VAN:

Koringfokus / Wheat Focus:

Die spesialistyskrif vir kleingraan in Suid-Afrika

Vegetables & Fruit / Groente & Vrugte:

Ontgin alternatiewe moontlikhede in nismarkte

Subtrop Journal:

Joernaal vir avokado-, mango- en lietsjiekwekers

Navorsingsjoernale:

SA Avokadokwekersvereniging,
SA Mangokwekersvereniging,
SA Makadamiakwekersvereniging en
SA Lietsjiekwekersvereniging



MEDIAKOM
Uitgewers en verteenwoordigers

POTCHEFSTROOM: ☎ 018 293 0622 NORTHCLIFF: ☎ 011 476 3702 • Faks: 011 476 2038

E-pos: info@mediakom.co.za • www.mediakomcc.co.za



PETRONAS

Engen is
'n lid van die
PETRONAS Groep

SOMMIGE DINGE IS MEER AS HUL PRYS WERD

Jou plaasmasjienerie is baie waardevol. Dit is wat jou in staat stel om jou werk te doen en 'n suksesvolle besigheid te handhaaf. Daarom is dit ons beleid om slegs die beste landbou-smeermiddels en brandstowwe te ontwikkel, met 'n reeks produkte wat ontwerp is om die enjins en bewegende onderdele van al jou kosbare masjienerie te beskerm. Maak nie saak hoe groot of klein die taak is nie, betroubare produkte vir jou plaasmasjienerie is van onskatbare waarde.



Saatchi/CPT 452176



Met ons is jy Nommer Een

ENGEN